# KALFIE

## FEESGIDS 2024




# Kom kuier saam!

**Teater • Kos • Boeke • Musiek • Leefstyl**

*en meer!*

KALFIEFEES
HERMANUS KUNSTEFEES



WINDSOR HOTEL & APARTMENTS HERMANUS
SOUTH AFRICA

# KalfieFees Special

**RATES:**
From R625 per person sharing per night in a Non Sea Facing Room and from R875 per person sharing per night in a Sea Facing Room.

Rates are per person per night, and inclusive of breakfast.


**APARTMENTS:**
R2000 per night in a 2 bedroom apartment and R2350 per night in a 3 bedroom apartment.


Rates are per apartment per night and are exclusive of breakfast as the apartments are self catering.

***Terms & Conditions: Valid until 31 August 2024 – Single supplement applies – Limited rooms available per day – Subject to availability at time of booking.***

Windsor Hotel & Self-Catering Apartments, Hermanus
Email: info@windsorhotel.co.za | reservations@windsorhotel.co.za
Telephone: 028 312 3727 or 076 031 7554
49 Marine Drive, Hermanus, 7200 | www.windsorhotel.co.za

# INHOUD













8 **VOORWOORD**
Kalfiefees 2024: 'n Fees vir die hele gemeenskap

10 **PROFIEL**
Dr. Niel le Roux, vanjaar se ontvanger van die Kalfiefees-teël.

16 **KUIER-KUIER**
Ontdek die Overberg as toeriste-bestemming met wynplase, stap- en perdryroetes, walvisse en fynbos.

20 **HOOFPROGRAM**
Al die teater- en musiekproduksies wat jy nie moet misloop nie.


38 **JEUGTEATER**
Musiek- en toneelproduksies deur en vir kinders van alle ouderdomme.

42 **GEMEENSKAP**
Teater speel 'n groot rol in plaaslike gemeenskapsontwikkeling en laat drome waar word.

44 **WERKWINKELS**
Slyp jou skryf-, redenaars- en sangtalent by die kenners.

46 **BOEKE**
Kuier saam met gewilde skrywers en ander lesers.


48 **FLIEK SAAM**
Kyk weer na ou gunstelinge uit die Afrikaanse rolprentskatkis – springmielies ingesluit! >>














**50 FOTOGRAFIE**
Ontdek nuwe wêrelde deur die oë van gesoute fotograwe.

**54 LEEFSTYL**
Bring 'n maat na een (of meer) van die 15 kreatiewe slypskole en maak iets moois – van skilderye tot juwele en keramiek!

**58 KUNS**
Besoek ons uitstalling van 36 gerekende plaaslike kunstenaars.

**60 VILLAGE AMBLE**
Dié roete na Hermanus se openbare kunswerke lei jou deur stegies en strate vol verrassings.

**74 GESONDHEID & WELSTAND**
Verryk jou liggaam en gees by werksessies wat fokus op die voordele wat plante, klank, beweging, joga, gesonde kos en interaksie met ander inhou.

**68 DAGPROGRAM**
Die datum, tyd, plek en koste van elke vertoning/werksessie tydens die fees.

**80 PADKAARTE**
Maak seker jy verdwaal nie na jou venue nie!

**82 BLOKRAAI**
Wanneer jy sit en wag vir die volgende vertoning, of tyd het vir 'n koppie koffie of glas wyn!



MARINE DYNAMICS
www.marinedynamics.co.za










**Shark & Whale Tours** | Conservation Trust | **Penguin & Seabird Sanctuary** | Academy

> Daar is niks in die hemel of op die aarde of onder die see wat nie in Afrikaans uitgedruk kan word nie. – *Uys Krige*




*Foto Taylum Meyer/Titanium Photography*

**Die historiese Ou Hawe in Hermanus het 'n ryk geskiedenis van handel en vissery, maar dis deesdae 'n gewilde toeriste-aantreklikheid met sy sjarmante geboue en mooi uitsig oor Walkerbaai.**

# DIE 2024-KALFIEFEES

## – 'N FEES VIR DIE HELE GEMEENSKAP VAN HERMANUS


Lisa Spaarwater (produksiebestuurder), Hester Finberg (feesdirekteur), en Debbie van Vuren (leefstylbestuurder), drie van die bestuurslede van die Kalfiefees Hermanus Kunstefees.

Foto Alisha Bischoff/Sheer Creations Photography

Welkom, welcome, wamkelekile in die allermooiste Overstrand! Ons verwelkom graag weer gehore uit alle windrigtings by die 2024 Kalfiefees Hermanus Kunstefees. Wat 'n spesiale hoogtepunt is dit nie om die 24ste Kalfiefees van Donderdag 1 Augustus tot Sondag 11 Augustus op die planke te bring nie!

Die 2024 Kalfiefeesprogram is tjok-en-blok met aanbiedinge deur wêreldklas kunstenaars van reg oor die land. Feesgangers kan oudergewoonte uitsien na iets vir elke smaak – van drama en komedie tot musiek, dans, kinderteater, boekbesprekings, kuns én leefstyl.

Die fees lok elke jaar groot name, en vanjaar is geen uitsondering nie. Met legendariese ikone tot van Suid-Afrika se blinkste nuwe sterre op die program, kan besoekers uitsien na Sandra Prinsloo, Tobie Cronjé, Deon Meyer, Elsabé Zietsman, Neil Sandilands, Frazer Barry, Lyntjie Jaars, Schalk Joubert, Jak de Priester, Amanda Strydom, Jannie du Toit, Daniel Anderson, Mel die Storieverteller, Lara Hattingh, Jeremeo le Cordeur, Dean Smith, Ignatius van Heerden en meer.

### IKONIES, VOLHOUBAAR, GROEIEND ÉN VERNUWEND

In die opbou na die Kalfiefees se kwarteeu-mylpaal in 2025 kyk ons vanjaar terug, asook vorentoe.

Daar is menige mens sonder wie se drome en harde werk die Kalfiefees nie sou bestaan en voortbestaan nie. Vanjaar vereer ons dr. Niel le Roux, visionêre medestigter van die Kalfiefees (lees 'n onderhoud met dié ikoon in die teaterwêreld op bl. 10), wat in Augustus 2000 die saadjie vir die eerste Kalfiefees geplant het en die fees jare lank suksesvol bestuur het. Ons bedank graag elke borg, elke kaartjiekoper en -verkoper, elke kunstenaar, elke vrywilliger én elkeen agter die skerms. Die groter gemeenskap se ondersteuning maak baie meer as net 'n fees moontlik; dit bevorder, in dr. Le Roux se woorde, "die kunste as 'n versoenende instrument, om 'n naatlose kultuurgemeenskap daarmee te skep".

Die direksie bly getrou aan die Kalfiefees se visie as 'n lewende en inklusiewe kunstefees wat die Overstrand-gemeenskap verryk. Ons is verbind tot ons missie om Suid-Afrikaanse talent te vier en te vertoon, kreatiwiteit te bevorder en 'n unieke kulturele ervaring aan feesgangers te bied. Kreatiwiteit, diversiteit, gemeenskap, inklusiwiteit en integriteit is die waardes wat ons daagliks aanspoor.

Die Kalfiefees ondersteun verskeie gemeenskapsprojekte in die Overstrand en in 2024 sien ons uit na selfs nog groter betrokkenheid. Sodoende kweek ons 'n liefde vir die kunste waaruit toekomstige kunstenaars en gehore kan ontwikkel.


Dit is voorwaar 'n eer om aan die stuur van die Kalfiefees se onbaatsugtige span dromers en doeners te staan.

Laat gerus van jou hoor as jy ook hande wil vat om 'n verskil in ons gemeenskap te maak!

Kalfiefees-groete,

*Hester*

**Hester Finberg**
**Feesdirekteur**


Isabeau Botha


Yolandi de Wet


Dezmaé Izatt

**Spesiale dank aan Isabeau Botha van Isabeau Media, Yolandi de Wet van Yolandi de Wet PR en Dezmaé Izatt vir hul bydrae agter die skerms.**









## KRY JOU KAARTJIES HIER

- Die Kalfiefees se kantoor is vir die duur van die fees in die De Wet-saal in Roosstraat, Onrus (sien die kaart op bl. 81). Die fees se kantoorure is Maandag tot Vrydag 10:00-13:00.
- Tixsa (tixsa.co.za) is die platform wat aanlyn kaartjieverkope behartig. As jy sukkel, laat hoor van jou – Tixsa se kantoorure is Maandag tot Vrydag 09:00-17:00; Saterdae 10:00-14:00; Sondae en openbare vakansiedae 10:00-13:00.
- E-pos support@tixsa.co.za • Tel. 012 880 2635

### KALFIEFEES-TYD IS KUIERTYD OP HERMANUS

Ons is trots daarop dat die Kalfiefees as 'n gevestigde kunste-en-toneelfees al meer as twee dekades lank 'n merkbare impak op plaaslike toerisme in die Overstrand maak. Kalfiefees-tyd is wanneer die walvisse na Walkerbaai kom om te kalf en die ideale tyd om ons kusdorpe te besoek. Bo en behalwe ons fees se veelsydige aanbod is daar vir besoekers 'n uitsonderlike keuse van restaurante en wynplase, asook aktiwiteite soos staproetes. Wie weet, dalk verras 'n walvis of twee jou selfs! **Besoek Hermanus Toerisme se webblad, hermanus-tourism.co.za,** en bespreek sommer nou al jou verblyf tydens die Kalfiefees.

**KONTAK ONS**

- Vir meer inligting, besoek die Kalfiefees Hermanus Kunstefees se webblad by kalfiefees-hermanus.co.za.
- Jy kan ook 'n e-pos stuur na admin@kalfiefees.co.za.
- Ons telefoonnommer is 061 520 9041.
- Volg ons op Facebook en Instagram @KalfiefeesHermanusKunstefees.

Die Kalfiefees is 'n geregistreerde NPC en NPO (NPC 2023/652072/08 NPO 100-675).

## Die KALFIEFEES bedank graag die volgende borge


**MEDEWERKERS**

**Bladuitleg en ontwerp** Andrew Maritz
**Teksredakteurs** Johletta Brits, Gillian Eva en Tessa McNulty
**Ander bydraes** Gerda Engelbrecht, Haidee Muller-Isaacs, Joe Lategan, Gys Loubser, Maryke Roberts, Taylum Meyer, Hans van der Veen

Die *Kalfie* is versorg en uitgegee deur Multiple Media Project Management, 082 871 1192. Inligting en foto's is verskaf deur die organiseerders van die Kalfiefees, tensy anders vermeld.

MULTIPLE MEDIA

Die Kalfie-gids is gedruk deur CTP Printers, Kaapstad (ctpprinters.co.za; 021 929 6200).

# ONTMOET MNR. FEES

Niel le Roux vertel van die "kalfie" wat 24 jaar gelede hier in die walviswaters gebore is en vandag tussen die "groot visse" swem. Die Kalfiefees vereer hom vanjaar met 'n welverdiende teël tussen dié van ander sterre.

Deur **Haidee Muller-Isaacs** • Foto's **Verskaf**

Sy kiewe trek sommer styf as hy die woord "kultuurdier" hoor. Dr. Niel le Roux is dalk 'n liefhebber van opera, ballet, kuns – en Afrikaans! – maar "kultuurdier" is volgens hom glad nie 'n raak beskrywing nie.

"Noem my eerder 'n kultuurslaaf," sê dié kunsadministrateur en deesdae uitvoerende hoof van die Stigting vir Bemagtiging deur Afrikaans (SBA). Want opera en die kunste is doepa vir sy siel. En hoewel hy tuis voel in 'n teater, reken hy homself nie as 'n foendi nie. "Daar is genoeg kennis oor al daai dinge, maar daar's 'n verskil tussen kennis en liefde. Ek kan byvoorbeeld nie musiek lees nie, maar het 'n geweldige liefde daarvoor."

Niel is 'n stigterslid van die Kalfiefees op Hermanus en word vanjaar vereer met 'n teël by die 24ste fees. Dié teël het 'n lang tradisie, en hy bevind homself in uitgelese geselskap. Ander bekroondes sluit groot geeste soos Trix Pienaar en Marius Weyers in, en almal se teëltjies is vasgemessel teen 'n muur in die De Wet-saal op Onrus, waar alles begin het. "Dit is vir my 'n baie groot eer, moet ek vir jou sê. En ek voel dis nou die regte tyd."

Desjare is net kunstenaars vereer, maar later is die fokus verskuif om ook mense agter die skerms in te sluit, vertel Niel. Hy verduidelik hoekom dit met teëltjies gedoen word. "Ons wou nie 'n beeldjie of 'n geraamde stuk papier aan iemand gee nie. Daarby wou ons terselfdertyd die uitmuntende pottebakkers van die omgewing betrokke kry." So is die hulp van Corinne de Haas van Kleinmond ingekatrol. "Sy het die eerste teëls gemaak en doen dit steeds, elke jaar met 'n nuwe ontwerp," vertel hy. "Dit word dan teen die muur van die De Wet-saal op Onrus, die hoofbaken van die fees, vasgemessel. Geen ander fees het so iets nie. Dis besonders en uniek, nes die Kalfiefees."




**Niel in 'n vrolike luim saam met Marlene le Roux, uitvoerende direkteur van Kunstekaap.**





**'n Heildronk saam met David Kramer en Marlene le Roux.**



**Niel die kunsliefhebber by 'n pragskepping in Santa Fe, Amerika.**



**Saam met sy boesemvriendin en kunsredakteur by Netwerk24, Laetitia Pople.**



**Woutrine Theron van *Nommer Asseblief*-faam is 'n jarelange vriendin.**




**Nkosikhulule Nyembezi, gewese voorsitter van die Wes-Kaapse Taalkomitee, en Anroux Marais, Wes-Kaapse minister van kultuur en sport, deel 'n grappie met Niel.**



**Pres. Cyril Ramaphosa het 'n paar woorde Afrikaans met Niel gewissel by 'n Desmond Tutu-gedenklesing.**



**Niel by sy goeie vriendinne Sandra Prinsloo en Marlene le Roux, en die TV-aanbieder Ivor Price.**



Hoe het dit gekom dat hy 24 jaar gelede 'n fees help stig het?

"Ek het destyds 'n gastehuis op Vermont gehad. Die oudjoernalis en skrywer Cas van Rensburg was voorheen saam met my betrokke by teater en die KKNK, en het ook op Vermont gewoon. Ek het hom genader om saam met my 'n vergadering van die Walvisfees by te woon."

Hulle stel toe aan die organiseerders van die Walvisfees 'n Afrikaanse randfees voor – maar die destydse komitee wou niks hoor nie. "Toe besluit ons om ons eie klein, afsonderlike Afrikaanse fees te hou in Augustus 2000, in die einste De Wet-saal op Onrus." Die naam Kalfiefees was heel gepas, juis oor die klein omvang daarvan; boonop is Augustus, wanneer die fees gewoonlik plaasvind, ook die tyd wanneer die walvisse Walkerbaai toe kom om daar te kalf.

"Nou het dié kalfie gegroei tot 'n walvis. Dit was vir my die begin van dorpsfeeste. Hermanus het vandag selfs 'n ouditorium en die fees staan vir geen ander fees terug nie. Ek sê altyd: Die Kalfiefees is groot gebore, daar was van die begin af vol sale."

As hy 'n hoogtepunt moet uitsonder, was dit die keer toe hulle Lizz Meiring genooi het vir 'n vertoning in Hawston. "Ek is polities bewus en dit was belangrik dat die fees inklusief moes wees." Niel en Cas is vort na Hawston, waar hulle eerwaarde Edwin Arrison se hulp ingeroep het.

"Die eerwaarde het met die bendes gesels en ons is met 'n bus vol mense uit Onrus na Hawston om Lizz te sien optree in die skoolsaal," vertel hy. "Hierna was Hawston 'n integrale deel van die Kalfiefees. *Suidooster* se Sherman Pharo het juis sy buiging op die verhoog jare gelede by die Kalfiefees gemaak in *Perlemoen, my ghoen*."

Teenkanting was daar ook heel aan die begin, onthou Niel. Soos die keer toe 'n akteur kaal op die verhoog gedans het. "Die NG kerk-dominee was nie gelukkig met dié storie nie. Ons het ook aanvanklik gesukkel om almal gelukkig te hou. Dié een soek komedie, daai een soek iets heeltemal anders. En op die ou end het ons vir almal iets gekry en is die kerksaal gebruik vir die kore en klassieke musiekkonserte."




**Niel, wat sy oorsese reise beplan om saam te val met ballet-, opera- en musiekuitvoerings wat hy nie wil misloop nie, hier in Los Angeles spesifiek om die wêreldberoemde pianis Yuja Wang te hoor en sien, want sy is bekend vir haar ontwerper-uitrustings!**

> Niel is 'n groot leser van wêreldletterkunde. "Ek begroot maandeliks 'n duisend rand vir boeke van veral Nobel-, Pulitzer- en Booker-pryswenners; my gunstelingskrywer is die Japannees Haruki Murakami."

Hy was in die destydse standerd 8 toe hy sy liefde vir die kunste ontdek het, alles te danke aan die regisseur, akteur en radiopersoonlikheid Limpie Basson. Niel het jare later selfs sy doktorsgraad aan Basson opgedra.

"Oom Limpie het na my tuisdorp, Villiersdorp, gekom om *Twelfth Night* van Shakespeare op te voer. Ek het ook 'n klein rolletjie gehad," sê hy. "Later het ek by hom gaan kuier en hy sou my ballet of opera toe neem. 'n Oud-onnie, meneer Steyn, het soms die hele klas na die destydse Nico Malan geneem, en ma Martha het my laat saamry na Maynardville om *Julius Caesar* te gaan kyk."

**24** Soveel teëltjies is al oor die jare aan vereerdes opgedra.

**4** Die dorpe wat deelneem aan die Kalfiefees: Hermanus, Onrus, Sandbaai en Hawston.









**Bo, van links: Niel by 'n Filippynse afstammeling-egpaar van Kalkbaai saam met die SBA-voorsitter, Sandra Prinsloo; 'n welkome warm drukkie van Margit Meyer-Rödenbeck op 'n yskoue aand in die teater; Amanda Strydom beloon Niel met 'n soen omdat hy haar 'n ikoon genoem het.**

Vandag nog is dit sy passie – die lewenslange bevordering van die kunste as 'n versoenende instrument, om 'n naatlose kultuurgemeenskap daarmee te skep. Hiervan spreek sy eerste beroep boekdele: Niel was in die tagtigerjare Afrikaans- en drama-onderwyser by Wynberg Senior Sekondêr in die suidelike voorstede van Kaapstad.

Buiten die suksesvolle stigting en bestuur van die Kalfiefees, het Niel ook die Suidoosterfees, een van die vooraanstaande Afrikaanse kunstefeeste in die land, elf jaar lank bestuur. Tussendeur was hy 'n organiseerder by die ATKV en senior bestuurder by DALRO (Dramatiese, Artistieke en Letterkundige Regte-Organisasie) waar hy Afrikaans deur toneel bevorder het. Pluimpies was daar al verskeie: toekennings van onder meer die voormalige Technikon Pretoria, Overstrand Munisipaliteit, die KKNK, Wes-Kaapse Departement van Kultuursake en Sport, en dan ook een van sy alma mater, Paul Roos Gimnasium, vir leierskap en die bevordering van Afrikaans en die kunste.

Hy het al in die paneel van die Nasionale Kunsteraad, die Wes-Kaapse Kultuurkommissie en die Wes-Kaapse plekname-komitee gedien. Verder was hy agt jaar lid van die Wes-Kaapse Taalkomitee en vier jaar lank 'n direksielid van die Kunstekaap-teater. Sedert September 2014 is Niel uitvoerende hoof van die SBA, 'n organisasie wat Afrikaanssprekendes deur middel van verskeie projekte help met funksionele geletterdheid en 'n sterk skeppendekunste-ontwikkeling. Want, sê Niel, hy glo dat die kunste, meer as sport, die voertuig is vir nasiebou. "Dis die kunste wat mense op 'n vermaaklike wyse opvoed en vraagstukke van die samelewing kan aanspreek en uitbeeld – iets wat sport nie kan doen nie."

Niel verwys na homself as 'n Wagneriaan – hy's 'n groot bewonderaar van die Duitse komponis Richard Wagner en sy musiek, en het al die wêreld vol gereis om Wagner-operas te sien. "Sedert ek die heel eerste keer in 1980 in Londen en Parys was en daar ballet en opera gaan kyk het, beplan ek al my reise rondom wat ook al in 'n spesifieke land gebeur. Ek het op 'n keer spesiaal na Boston, Amerika, gevlieg om die ballet *Romeo and Juliet* te sien."

Hy sit jaarliks geld weg spesiaal vir sy reise om operas oraloor te beleef. "Ek probeer altyd iets spesiaals beplan vir my verjaarsdag in Januarie en oorweeg om volgende jaar die Egg-teater in Albany, New York, te besoek. Dit help nie ek reis en ek kan nie iets bywoon wanneer ek by al hierdie magiese plekke uitkom nie."

Waar hét hy dan al oral opera en ballet gaan kyk?

"Sjoe, hoeveel tyd het jy?" vra hy tong in die kies. "Wene, Los Angeles, Londen … Laas jaar was dit Dallas. Ek was ook al by die groot Bayreuth-fees in Duitsland. En iewers in 2012 by die Savonlinna-fees in Finland, waar ek in 'n kasteel op hierdie besonderse klein eiland na die opera *Lohengrin* gaan kyk het."

Noudat hy weer dink aan die teëltjie, wonder Niel of syne geel gaan wees. Dis sy gunstelingkleur. "Geel simboliseer vir my lewe. Ek streef daarna om soos die son te wees. Om voluit te leef en so veel moontlik teater te kyk. En ek wil nie doodgaan nie, want daar is nog soveel om te doen. Kuns, operas, reise! Dan wag die nuwe Munch-museum in Noorweë ook …" En al die wêreldletterkunde, veral boeke deur Nobel-, Pulitzer- en Booker-pryswenners, wat hy tussendeur alles verslind!

So, as die onvermydelike gebeur, wat moet sy grafsteen sê?

"Nee, g'n grafsteen nie, dankie. Hulle moet my soos oorlede biskop Tutu in water laat wegraak. Maar my testament sê daar moet 'n konsert wees en 'n stukkie ballet. Niël Rademan en die sangeres Judith Sephuma se name staan daar. Nee, regtigwaar …" >>

# DIE TËELTJIES OOR DIE JARE

**Ná vanjaar se Kalfiefees sal daar nóg 'n gedenkteël teen die muur van die De Wet-saal op Onrus pryk – een met die naam Niel le Roux, ter erkenning van die diep spore wat dié stigterslid van die fees oor die jare op die gebied van kuns en kultuur getrap het.**

















Rondom Hermanus en Onrus is daar verskeie staproetes op wynplase en in natuurreservate.

# IN & OM HERMANUS

Die Overberg is ewe bekend vir sy natuurskoon, walvisse en pikkewyne as vir bekroonde wyne.

Deur **Maryke Roberts** • Foto's **Verskaf**



Creation is bekend vir sy roterende kunsversamelings en permanente beeldhouwerke in die tuin.



Van die plase bied jou die geleentheid om pétanque, die Franse rolbalspel, te geniet.



Creation is een van die prentjiemooi plase in die vallei wat 'n wonderlike besoekers-ervaring bied.



By Bosman Hermanus kan jy nie net wyn proe nie, maar in die seisoen ook fynbos koop of tussen die speldekussings gaan stap.

Die seeluggie wat laatmiddae die wingerde in die gebiede rondom Hermanus afkoel, skep 'n unieke terroir wat perfek is vir koelerklimaat-wyne soos pinot noir en chardonnay, die hoofbestanddele vir S.A. vonkelwyn oftewel Cap Classique.

Wat die wynaanbod van dié omgewing uniek maak, is dat plase kleiner is, met meestal boetiekkelders – byna almal in familiebesit. Dit was juis die Hamilton Russell-familie se pionierswerk wat die kollig op hierdie vrugbare vallei laat val het, waarna die ou skaap- en graanplase een na die ander in spogwynplase omskep is. Vandag is dié deel van die Walkerbaai-wyndistrik verdeel in drie wyke: die Hemel-en-Aardevallei, Bo-Hemel-en-Aardevallei en Hemel-en-Aarderand.

Die plase weerskante van die R43 en die R320 kan jou dae lank besig hou met hul wynproeë en eetplekke, asook ervarings van die natuurlike omgewing. En as jy die see mis, gaan besoek die pikkewyne by Stony Point en die African Penguin and Seabird Sanctuary in Gansbaai.

## PLAAS TOT PLAAS

Van die Kaap se kant kom Benguela Cove op die R43 eerste oor jou pad. Die landgoed is reg langs die Botriviermeer en beplant met verskeie kultivars wat almal bekroonde wyne maak. Hul 2019-Benguela Cove Joie de Vivre Cap Classique het verlede jaar by Veritas die trofee vir die beste ingeskrewe wyn ingepalm. Dis 'n eenstop-kuierplek met 'n restaurant, informele wynproeë, 'n waterspeelpark en seerower-mini-gholfbaan vir kinders, en 'n formidabele kunsversameling. Hulle bied ook bootritte en wingerdsafari's met wynproeë aan en daar is luukse oornag-akkommodasie langs die meer en tussen die wingerde.

Nader aan Hermanus draai jy links met die R320 om die Hemel-en-Aarde se wyne te ontdek. In dié kort stukkie pad wat na Caledon lei, is daar 19 wynplase wat lid van die wyndistrik is. Maar maak seker jy stop eers by Hermanuspietersfontein by die Hemel en Aarde Village-sentrum by Sandbaai vir 'n wynproe. Dié kelder is ook bekend vir sy kos-en-wynmark op Saterdae.

'n Katspoegie verder is Whalehaven, Southern Right, Bartho Eksteen, Hamilton Russell Vineyards, Bouchard Finlayson en La Vierge. By laasgenoemde kan jy jou hand aan die Franse rolbalspel pétanque waag met 'n glas pinot noir in die hand. >>

## DIE BO-VALLEI EN DIE RAND

Naby die De Bos-dam wag die redakteurskeuse van vanjaar se *Platter*-wyngids op jou: Bosman Hermanus. Besoek hul lieflike proelokaal, geniet iets te ete in tapasstyl en volg die Koppie-staproete totdat jy uiteindelik die 360-grade-uitsig oor die hele Hemel-en-Aardevallei, van Walkerbaai tot Gansbaai in die suide en tot by Hangklip in die weste kan bewonder. As jy langer wil vertoef, oorweeg verblyf in die bergkothuis.

Terug in die rigting van Caledon kry jy Cap Maritime, Hasher Family Estate en Newton Johnson Vineyards (met 'n moderne restaurant waar die fokus op vars produkte van die plaaslike omgewing is), Restless River, Seven Springs, Storm Wines en Spookfontein. Ataraxia is die eerste plaas in die Hemel-en-Aarderand-wyk; daarna volg Creation, Mount Babylon en Domaine des Dieux, een van die vallei se bekendste Cap Classique-produsente. Hoog op teen die R320, nader aan Shaw's Pass, lê die plaas Thamnus, vernoem na die skaars vleiroos *Orothamnus zeyheri*.

Ander plase wat deel van die Hemel-en-Aarde-wynaanbod vorm, is Jakob's Vineyard, Lelie van Saron en Tesselaarsdal.

## TOPPRESTEERDER

Ruim gerus 'n paar uur in vir Creation, die landgoed wat vanjaar die internasionale V d'Or-toekenning vir Beste Handelsmerk-ervaring gewen het. Die eerbewys word beskou as die "wyn-Oscar" vir sake-innovasie en korporatiewe maatskaplike verantwoordelikheid onder globale wyn- en spiritualieëprodusente.

Creation is elke jaar onder die wêreld se toppresteerders – nie net vir hul bekroonde wyne nie, maar ook vir die proe-ervaring. 'n Wynproe hier is 'n sensoriese belewenis wat al jou sintuie betrek; jy sien selfs hoe wynliefhebbers skulpe teen hul ore hou!

Die fynproewer-spyskaart is nie net 80% plantgefokus nie, dit berus ook op die ajurvediese beginsels wat 'n gesonde leefwyse kenmerk.

Creation se indrukwekkende roterende kunsversamelings is beslis 'n besoek werd, terwyl die Voormanshuis luukse verblyf bied.






Spookfontein het pas sy nuwe proelokaal geopen. Van hier kan jy ook perderitte onderneem.



Bly by Bosman Hermanus in 'n houthuisie in die veld en word deel van die landskap.



• Voor jy huiswaarts keer, loer in by Hermanus Wine Village en Wine & Co. in die Hemel en Aarde Village-sentrum by Sandbaai, waar die streek se wyne te koop is.
• Hermanus Toerisme het meer inligting oor alles wat jy kan geniet. Besoek hulle in die ou stasiegebou in Hermanus of gaan na hermanus-tourism.co.za.




Volg die kaart en verken die omgewing, maar moenie by die ander plase wat nie hier aangedui is verby ry nie. Daar is veel meer waar jy kan besoek aflê.



Heaven & Earth Trails bied eksklusiewe ritte vir groepe aan.

## Te voet en te perd

Verken die fynbos te perd met Heaven & Earth Trails, of kies @The Ranch Horse Trail Rides wat van die plaas Spookfontein vertrek.

'n Ander opsie is om 'n wyn-ervaring in te sluit by die Glamtrails-staproete met Tim Lundy as gids. So kan jy in die fynbos en wingerde piekniek hou of streekkos geniet wat deur uithalersjefs berei is. Africa Sun Road bied 'n begeleide Overberg-wynstap van 2-4 dae aan waartydens jy in luukse gastehuise en op wynplase kan oornag.

As jy wil kop skoonmaak, oorweeg die 73 km lange Hermanus Camino oor vyf dae. Dit kruis van die mooiste wynplase, bied lieflike uitspan- en oornagplekke, selfs swemkans in rotspoele en rotskuns langs die pad.







*Foto* Thinus Maritz LiveImage Media

# HOOFPROGRAM

Daar is iets van alles en vir almal op vanjaar se Kalfiefees-hoofprogram: musiek, teater, kabaret, kletskomedie – noem maar op!

## NEIL SANDILANDS EN DIE *BAND* 'LAND EN SAND'

MUSIEK

**MET Neil Sandilands, Schalk Joubert, Frank Freeman en Ronan Skillen**
**MUSIEKREGIE Schalk Joubert**
**VERVAARDIGER Neil Sandilands**

Die Emmy-benoemde akteur en Sama-benoemde musikant Neil Sandilands toer weer die land plat saam met sy raakvat-orkeslede Schalk Joubert, Frank Freeman en Ronan Skillen.

Dié veteraanakteur van internasionale televisiereekse soos *Sweet Tooth*, *The Flash* en *The 100*, asook die plaaslike reekse *Die Groot Niks*, *Desert Rose* en *7de Laan*, het geen bekendstelling nodig nie.

Die musiek in dié produksie kom van Sandilands se bekende albums *Sangoma Sandilands & Jou Pa se Posse*, *Allegaarkie vir 'n Askeet*, *Die Groot 5*, *Die Groot Niks*, asook nuwe werke wat nog nie opgeneem is nie.

**Tydsduur: 80 minute**
**Geen ouderdomsperk**

**2 AUGUSTUS**
**WHALE COAST THEATRE**
**20:00 • R230**




**1 AUGUSTUS**
**MUNISIPALE OUDITORIUM**
**19:00 • R280**


# VINCENT
## – HIS QUEST TO LOVE AND BE LOVED

KABARET

**MET Daniel Anderson (sang en verteller) en Tersia Harley (klavier)**
**VERVAARDIGER Wela Kapela-produksies**

Die lewe en kuns van Vincent van Gogh word in 'n verbluffende nuwe lig beskou. Daniel Anderson wissel tussen 'n narratiewe stem en dié van Van Gogh self wat hardop praat terwyl hy briewe aan sy broer Theo skryf. Met verwerkings van gewilde musiekteater, pop-, rock- en jazzliedjies skilder die vertoning 'n portret van 'n gekwelde man met 'n skeppingsdrang – en 'n diep begeerte om lief te hê en liefgehê te word. Die kaartjieprys sluit wyn en peuselhappies in.

**Tydsduur: 70 minute**
**Geen ouderdomsperk**




**2 AUGUSTUS**
**MUNISIPALE OUDITORIUM**
**18:00 • R220**

# HARTKAMER

MUSIEK

**MET Jak de Priester**
**MUSIEKREGIE EN VERVAARDIGER Jak de Priester**

Ná vier jaar stel Jak de Priester 'n nuwe album bekend. Onder sy huis in Somerset-Wes het hy sy ateljee omskep in 'n intieme, kreatiewe ruimte waar hy sy liedjies skryf en gereeld laataand-optredes vir 'n gehoor van 20 mense aanbied – vandaar die titel: *Hartkamer*.

Jak bring die musiek van hierdie nuwe album na vanjaar se Kalfiefees en sing nuwe liedjies, waaronder "Klein Saterdag", "Hartenbos", "Dit is lekker om te weet", "In Somerset-Wes", "Die trein", "Kaalvoet Mona Lisa", "Nothing Much to Lose" en vele meer.

**Tydsduur: 90 minute**
**Geen ouderdomsperk**



**3 AUGUSTUS**
**MUNISIPALE OUDITORIUM**
**19:00 • R190**

# VERHALE VAN 'N NOMADE

MUSIEK

**MET Christof Berg**

In dié musiekvertoning neem die pianis, sanger en storieverteller Christof Berg die gehoor op reis – van 'n mistieke soutplaas in die Vrystaat tot die boheemse kunstenaarsgemeenskap in die Kaap. Musiek lei hom na vele eksotiese lande, vasbeslote om die onbereikbare te vind. Die vertoning is 'n kombinasie van oorspronklike musiek en ook bekende treffers uit die pen van kunstenaars soos Amanda Strydom, Koos Kombuis en Billy Joel.

**Tydsduur: 80 minute**
**Geen ouderdomsperk**



PRODUKSIES



**3 AUGUSTUS**
**NG KERK, HERMANUS**
**16:00 • R200/R100**

# KOORSKOUSPEL MET JANNIE MOOLMAN

MUSIEK

**MET Jannie Moolman en drie kore**
**VERVAARDIGER Pierré en Pauli Produksies**

Die bekende tenoor Jannie Moolman sorg vir 'n onvergeetlike musiekervaring wanneer hy saam met drie kore van Hermanus optree: die Pro Musica Koor onder leiding van Louna Stofberg, Hermanus-Hoërskoolkoor onder leiding van Annemarie Rautenbach, en die Curro Cantare-dogterskamerkoor afgerig deur Maike Skein. Elke koor voer hul beste werke uit, en tussendeur bekoor Jannie die gehoor met sy goue stem. 'n Massakoor-uitvoering met Jannie as solis sluit die skouspel af.

**Tydsduur: 150 minute**
**Geen ouderdomsperk**



**6 AUGUSTUS**
**MUNISIPALE OUDITORIUM**
**18:00 • R170**

# MEL DIE STORIEVERTELLER – DIK DEURMEKAAR

KLETSKOMEDIE

**MET Mel die Storieverteller**
**TEKS EN VERVAARDIGER Melanie du Toit**
**MUSIEK Wesley West**

In *Mel die Storieverteller – Dik Deurmekaar* vertel Mel van die eerste keer toe sy die gevoel van "deurmekaargeid" ervaar het in Juffrou Draak se klas; hoe sy vrede moes maak met die feit dat alles, veral matriekafskeide en haarstyle, 'n hengse deurmekaarspul is. Sy gee ook haar opinie oor die onbegryplike obsessie met visvang en ander se seksuele oriëntasie, en deel snaakse waarnemings van "straight couples", slimfone en "fancy" karre.

Soms is die lekkerste deel van die vertoning om 'n bietjie gek te skeer met gehoorlede, en dan duik nuwe grappies so tussendeur die stories op…

**Tydsduur: 70 minute**
**Geen o.14**



**8 AUGUSTUS**
**HOËRSKOOL HERMANUS**
**16:00 & 19:00 • R180/R100**

# KEN JY VIR DEWIE?

JEUG/DRAMA

**MET Crystal Donna Roberts, Robert Hindley en Joshwin Dyson**
**DRAAIBOEK Ilne Fourie**
**REGISSEUR Margit Meyer-Rödenbeck**
**VERVAARDIGERS Margit Meyer-Rödenbeck en Ilne Fourie**

Dewie de Jager is 'n gewone ou. Nie een van dié waarteen ma's hul matriekdogters waarsku nie, maar die tipe wat skaam glimlag en dan wegkyk, want dis vir julle albei 'n verleentheid. Wat is sy naam nou weer? Deon? Dewald? Donald?

Eintlik smag almal na aanvaarding. Om te behoort. Om 'n legende te wees waaroor almal praat. Om oral gesien te word: op klaskamermure, voorblaaie, Google. Om die held te wees van elke verloorder wat sy paaltjies met rustyd moet verdedig, sy kosblik, sy knieskywe, sy bril, die lêers wat sy ma gepak het en sy snoepiegeld…

**Tydsduur: 75 minute**
**Geen o.14**



**8 AUGUSTUS**
**MUNISIPALE OUDITORIUM**
**09:00 • R195**

# VUISVOOS MAAR NOG REGOP – HERLAAI!

**KOMEDIE**
**MET Marianne Thamm**

***Round of Applause – Reloaded!***

*Vuisvoos Maar Nog Regop – Herlaai!* kom vir een vertoning na die Kalfiefees. Stap saam met die gesoute ondersoekende joernalis en satiris, en tans mederedakteur by die *Daily Maverick*, Marianne Thamm, op 'n besonderse reis deur die warrelwind van Suid-Afrikaanse politiek. Wat het bly staan ná 15 jaar van staatskaping? Waarnatoe nou? Kom vier ons demokrasie met al sy absurditeite.

Marianne se vertoning het reeds twee keer vir 'n volle speelvak by die Baxter-teater in Kaapstad uitverkoop, en laat almal skaterlag net waar sy kom. Kom trek in, laai af en herlaai. *Vuisvoos* was een van die gunstelinge by vanjaar se Woordfees en KKNK.

• Die vertoning word gevolg deur 'n paneelbespreking met Marianne, Barend la Grange, Elnora Gillion en Frazer Barry.

**Tydsduur: 90 minute**
**Geen o.16**

*Foto* Fiona McPherson



**11 AUGUSTUS**
**MUNISIPALE OUDITORIUM**
**11:00 • R220**

# 'N VUUR GEVANG IN GLAS

**MUSIEK**
**MET Amanda Strydom en Coenraad Rall (klavier)**
**TEKS Hennie Aucamp en Amanda Strydom**
**REGIE EN VERVAARDIGER Amanda Strydom**
**MUSIEKREGIE Coenraad Rall**

Amanda Strydom lewer in hierdie vertoning 'n kragtoer met die werke van haar mentor, Hennie Aucamp, die vader van Afrikaanse kabaret. Aucamp is oorlede op 20 Maart 2014, en hierdie produksie is Strydom se eerbetoon aan haar meester tien jaar ná sy dood.

Strydom en Lize Beekman het Aucamp se liedtekste getoonset, en die gelyknamige album is in 1998 benoem vir 'n Sama-prys vir die beste klankbaan in 'n musiekblyspel. Strydom vertolk ook verskeie monoloë en liedjies uit Aucamp se pen. Die resultaat? Egte literêre kabaret.

**Tydsduur: 70 minute**
**Geen o.14**

*Foto* Gys Loubser/Suidoosterfees



**8 AUGUSTUS**
**WHALE COAST THEATRE**
**16:00 • R150/R100**

# DUDE, WAA'S MY PHONE?

KOMEDIE

**MET Jeremeo Le Cordeur**
**REGISSEUR Dean van der Ventel**
**VERVAARDIGER Vulture Productions in samewerking met NATi en die KKNK**

Jou gunsteling-*dude*, Dean September, is terug, maar sy foon is weg en skielik maak die wêreld nie meer sin nie. Met die hulp van sy vriende, gespeel deur die stemkunstenaars Dean Balie, Veronique Jephtas, Lee Roodt, Chenal Kock – en 'n spesiale verskyning deur #OumaLilly – ontdek Dean blitsvinnig dat sy wêreld nie meer sin maak sonder sy foon nie.

Die produksie is meer as net 'n teateropvoering. Dit dien as 'n medium waarmee Jeremeo en sy span moeilike sosiale kwessies ondersoek deur middel van die kunste. Soos Dean sy foon opspoor, kry die gehoor insig in die positiewe sowel as die negatiewe uitwerking van digitale media – van blootstelling aan virtuele kennis tot prosesverslawing.

**Tydsduur: 65 minute**
**Geen ouderdomsperk**



**8 AUGUSTUS**
**MUNISIPALE OUDITORIUM**
**18:00 • R180**

# MOEDERSMELK

MUSIEK

**MET Pierré en Pauli van Niekerk**
**VERVAARDIGER Pierré en Pauli Produksies**

In egte kabaretstyl vier die Van Niekerk-duo Afrikaanse musiek van toeka tot nou. Die sangpaar bespreek en besing die room van ons Afrikaanse kunstenaars wat gesorg het vir die soetste moedersmelkmelodieë: Chris Blignaut, Gé Korsten, Koos du Plessis, Kurt Darren, Karen Zoid, Anton Goosen, Die Briels, Laurika Rauch, Steve Hofmeyr, Theuns Jordaan en vele meer. Tussendeur vertel Pierré en Pauli ook stories en deel hul persoonlike ervaring as trots Afrikaanse kunstenaars.

Kom proe saam aan die vertroude smaak van Afrikaanse musiek. Alles klink immers soeter as jy dit hoor in die taal wat jou ma gepraat het terwyl jy aan haar boesem gelê het.

**Tydsduur: 75 minute**
**Geen ouderdomsperk**



**10 AUGUST**
**WHALE COAST THEATRE**
**14:00 • R150**

# WHAT HAVE YOU DONE WITH THE GARDEN?

DANCE

**WITH Penny Wolhuter**
**DIRECTOR Ignatius van Heerden**
**VIDEOGRAPHY Kim Wolhuter**
**PRODUCTION Leftfoot Dance Productions**

This new interdisciplinary production choreographed by Penny Wolhuter focuses on how humans are inextricably linked to nature, and how we lose our souls when we move away from it or try to deny our wild side. The work draws inspiration from Penny's personal life and explores parallel themes from *The Lord of the Flies*, asking questions about reconnecting with nature and how to evolve without forgetting our true beginnings. A fusion of dance, text and AV, it tells the story of what happens when we disconnect from nature and place ourselves above it.

**Duration: 50 minutes**
**No age limit**







**10 AUGUSTUS**
**MUNISIPALE OUDITORIUM**
**12:00 • R195**

# GESTROOP

MUSIEK

**MET Niël Rademan**

Niël sing Afrikaanse volksmusiek en ballades in dié vars en opwindende musiekproduksie. Hy vervleg dit met Europese liedere en melodieë waarvoor hy bekend is – dis Afrikaans met 'n internasionale kabaretklub-klank soos lanklaas gehoor: die klanke van klavier, trekklavier en mondfluitjie.

Rademan het 20 jaar gelede gedebuteer met herinterpretasies van liedere soos "Sawends" deur Jan Pohl en die immergroen "Boereseun" van Danie Bosman. Vanjaar keer hy terug na sy wortels en voeg 'n reeks nuwe liedere – enkele vertalings, sowel as musiek uit sy eie pen – hierby.

Word weggevoer op die maat van swing, tango, samba en selfs 'n setees. Niël sing, vertel stories van sy pad tot hier en begelei homself op die klavier en trekklavier, net soos jare gelede.

**Tydsduur: 60 minute**
**Geen ouderdomsperk**



**10 AUGUST**
**WHALE COAST THEATRE**
**12:00 • R195**

# MY FELLOW COALITION PARTNERS

COMEDY


**WITH Kim Blanché Adonis**
**TEXT Mike van Graan**

For satirists, ours is a country that keeps on giving. The 2024 elections have potentially charted a new course, one of hope for a less dark future, of light at the end of the collapsing tunnel, of railways with trains, of laughter, because, not despite.

From the team of the award-winning *My Fellow South Africans* comes an evolved piece, *My Fellow Coalition Partners*, with new sketches, older pieces adapted to our new times, as well as some of the more popular skits from the first edition.

This production promises another hour of sharp commentary and cathartic laughter.

**Duration: 60 minutes**
**No age limit**



**11 AUGUSTUS**
**MUNISIPALE OUDITORIUM**
**17:00 • R250 (met sop en sjerrie)**

# DOEP IS NIE DOOD NIE

MUSIEK

**MET Jannie du Toit (stem en kitaar), Susan Mouton (tjello) en Chanie Jonker (klavier en akkordeon)**
**VERVAARDIGERS Jannie du Toit en Carl Theunissen**

Koos du Plessis se lewe en musiek word gevier in dié huldeblykkonsert met Jannie du Toit. Die program bevat 'n formidabele versameling liedjies en tekste van Koos Doep, soos hy alom bekend was, en beklemtoon hoe relevant dié geliefde sanger en liedjieskrywer se kreatiewe nalatenskap vier dekades ná sy dood bly.

Met die oog op die veertigste herdenking van Koos Doep se sterfdatum is *Doep is nie dood nie* in Januarie vanjaar (2024) deur RSG uitgesaai, waarna die radiostasie oorval is met navrae oor 'n moontlike heruitsending.

Kom beleef die ongeëwenaarde nalatenskap van Afrikaans se grootste liedjieskrywer, eksklusief by die Kalfiefees.

**Tydsduur: 75 minute**
**Geen ouderdomsperk**



Foto Bernard Brand

# VIER PANADO'S EN 'N CHARDONNAY

KABARET

**MET Elzabé Zietsman en Tony Bentel**
**TEKS EN REGIE Johann Slabbert**
**MUSIEKREGIE Tony Bentel**
**VERVAARDIGER Drama Drama**

In hierdie kabaret, ook bekend as *Ek het al so baie my *** gesien, ek is bang vir ******, vier Elzabé Zietsman haar en haar mede-Suid-Afrikaners se veerkragtigheid. Want as ons val, staan ons op. As die mat onder ons uitgeruk word, maak ons 'n paar bollemakiesies en land op ons voete. As die wêreld om ons verander, pas ons aan. En as die wêreld om ons heeltemal uitmekaarval, drink Mamma vier Panado's en 'n glas chardonnay en Pappa steek die vuur aan. Môre probeer ons weer.
**Tydsduur: 75 minute**
**Geen o.16**

**9 AUGUSTUS**
**MUNISIPALE OUDITORIUM**
**12:00 • R220**




# KAMPHOER

DRAMA

**MET Sandra Prinsloo**
**REGIE Lara Foot**
**VERVAARDIGER Theatre Rocket**
**VERHOOGBESTUURDER Jeanne Steenkamp**
**Moontlik gemaak deur KunsStig**

**9 AUGUSTUS**
**SANDBAAI-SAAL**
**14:00 • R220/R190/R150**

Dié soloproduksie is gegrond op die debuutroman *Kamphoer* deur Francois Smith en die niefiksiepublikasie *The Boer Whore* deur Nico Moolman.

Sandra Prinsloo vertolk die uitdagende rol van Susan Nell, wat tydens die Anglo-Boereoorlog (1899-1902) saam met haar ma in die konsentrasiekamp op Winburg beland waar sy wreed verkrag en vir dood agtergelaat word. Sy oorleef, ontsnap en word in 'n grot weggesteek deur 'n Sotho-egpaar wat haar verpleeg tot sy gesond is.

Later kwalifiseer Susan in Nederland as psigiatriese verpleegster, en reis tydens die Eerste Wêreldoorlog na Engeland vir diens in 'n militêre hospitaal. Haar pad kruis met een van haar verkragters, nou 'n pasiënt, en Susan word weer gekonfronteer met die pyn en vernedering van haar verlede.
**Tydsduur: 75 minute • Geen o.14**



**8 AUGUSTUS**
**SANDBAAI-SAAL**
**20:00 • R220/R190/R150**

# MAL OOR JOU SUID-AFRIKA

**MUSIEK**

**MET Frazer Barry, Lyntjie Jaars, Deniel Barry en Earl Witbooi**
**TEKS EN REGIE Frazer Barry**
**VERVAARDIGER OEPS (Ons Eie Produksies)**

In *Mal oor jou Suid-Afrika* span die twee TV-aanbieders Frazer Barry (*OmmiGhellie* en *Fiësta*) en Lyntjie Jaars (*Klop* en *Oppie Stoep*) kragte saam met die bekroonde Overbergse musiekgroep Tribal Echo deur eg Suid-Afrikaanse stories en staaltjies met oorspronklike volksmusiek te kombineer. *Mal oor jou Suid-Afrika* neem jou op reis na die mooi van ons land se mense. Jy gaan dans, lag, 'n traan pik, droom en op vele maniere opnuut verstaan hoekom Suid-Afrikaners so passievol oor die land en haar mense is!

**Tydsduur: 60 minute**
**Geen ouderdomsperk**



**9 AUGUSTUS**
**HAWSTON SEKONDÊR**
**10:00 • R180/R150/R100**

# PRETPRATER

**KLETSKOMEDIE**

**MET Elsabe Aldrich**

In die eenvrouvertoning *Pretprater* raak Elsabe guitig (en selfs stuitig!) oor die lekkerte en gekkerte van vrouwees in 2024.

Dié motiveringspreker glo aan die genesende krag van lag en floreer op die energie tussen haar en 'n gehoor. Sy gesels geestelik en geestig, maar sy preek nie – al praat sy by geleentheid ook Sondae in kerke.

Elsabe lees dolgraag en fynkam die sukseslitteratuur vir wenwenke oor sprankelverhoudings en innerlike oorwinning oor papgeklaptheid. Sy is bekend vir haar dramatiese uitrustings en lewer nie net 'n toespraak nie, sy gooi 'n hele *show*.

**Tydsduur: 50 minute**
**Geen ouderdomsperk**







*Foto Wendy Gela*

**9 AUGUSTUS**
**WHALE COAST THEATRE**
**18:00 • R200/R100**

# BIRTHING NUREYEV

**DANS**

**MET Ignatius van Heerden**
**TEKS Henque Heymans**
**REGIE André Odendaal**
**VERVAARDIGER Leftfoot Dance Productions**

Rudolph Nureyev was Rusland se voorste balletdanser toe hy op 16 Junie 1961 deur die vingers van sy bewaarders glip en na die Weste uitwyk.

Hierdie dans-geïnspireerde teaterwerk fokus op Nureyev se uiters dramatiese oorlopery en die KGB se verraderlike pogings van agter die ystergordyn om sy loopbaan te vernietig, tesame met sy wonderlike sukses in die Weste.

Ongeag sy roem en fortuin was Nureyev verpletter toe sy vaderland hom van hoogverraad aangekla het. Nog meer ontstellend was die onvermydelike vervreemding van sy geliefdes.

**Tydsduur: 55 minute**
**Geen ouderdomsperk**

***DEBUUTPRODUKSIE***



*Foto Julius Bekker*

**10 AUGUSTUS**
**SANDBAAI-SAAL**
**16:00 • R220/R190/R150**

# MOORD MET 'N T

**KOMEDIE**


**MET Ignatius van Heerden, André Lötter en Tobie Cronjé**
**TEKS Braam van der Vyver**
**REGIE Lihan Pretorius en Johan van der Merwe**
**VERVAARDIGER Leftfoot Theatre Productions**

Die winkelassistent Leksie Pieterse se ryk vroetelpappie, Bakkies Barnard, sterf in haar bed. Terwyl Cruella, die weduwee, net oor haar erfporsie begaan is, dui die feite op 'n liefdesdriehoek – altyd 'n resep vir moord.

Speurdersersant Wihan Beyleveld stel vas dat Bakkies vergiftig is, en by die lykshuis kry hy met die eienaardige opsigter, Klaas van der Broeken, te doen.

Nuwe vrae ontstaan: Is Bakkies wel dood? Indien nie, wie is die spook wat nes hy lyk, en wie se lyk is in die lykshuis? Nog iets: Waar pas PJ die privaatspeurder in? En hoe het die gif in Bakkies se lyf gekom? Moenie dié skreeusnaakse speurdrama misloop nie.

**Tydsduur: 70 minute**
**Geen ouderdomsperk**



**11 AUGUSTUS**
**SANDBAAI-SAAL**
**14:00 • R220/R190/R150**

# HANS GEE HERKLAAS HORINGS

**KOMEDIE**

**MET Tobie Cronjé en Ignatius van Heerden**
**REGIE Tobie Cronjé**
**VERVAARDIGER Leftfoot Theatre Productions**

RSG-luisteraars het vasgenael voor die radio gesit en luister hoe Tobie Cronjé lewe gee aan Rudie van Rensburg se karakters in die *Hans*-boeke. Tobie was ook te sien in die rolprentweergawe van *Hans steek die Rubicon oor.* Nou kry teatergehore die geleentheid om hom in lewende lywe op die verhoog te ervaar in 'n gedramatiseerde voorlesing en verwerking van *Hans gee Herklaas horings.* Ignatius van Heerden voorsien die radiobyklanke in 'n produksie wat beloof om gehore te laat skaterlag.

**Tydsduur: 80 minute**
**Geen ouderdomsperk**

**9 AUGUSTUS**
**MUNISIPALE OUDITORIUM**
**16:00 • R195**

# OUMA IS OP PAD

**KOMEDIE**

**MET Margit Meyer-Rödenbeck en Coenraad Rall (klavier)**
**TEKS, REGIE EN MUSIEK Jurgen Human**
**MUSIEKREGIE Coenraad Rall**
**VERVAARDIGER Arena Produksiehuis**

Ouma kom van Garies, en soos die meeste mense van daardie wêreld is sy ’n formidabele vrou. In die Knersvlakte word jy nie groot met luukshede soos doekies omdraai nie. Sy het al twee mans begrawe, maar haar bure vermoed die laaste een het net ingesluimer.

Met dié dat haar kleindogter nou in die stad werk en sy af en toe moet gaan kuier, kom Ouma agter daar’s baie dinge wat sy nie ken nie. Een daarvan is takt …

**Tydsduur: 75 minute**
**Geen o.13**



*Foto* Hans van der Veen/KKNK



**10 AUGUSTUS**
**HAWSTON SEKONDÊR**
**14:00 • R150/R120/R100**

# HALLO, IS BETTIE WAT PRAAT

**KOMEDIE**

**MET Dean John Smith**
**REGIE, BELIGTINGSONTWERP EN TEGNIESE VERSORGING Gantane Kusch**
**TEKS EN KOSTUUMONTWERP Dean John Smith**
**ONDER LEIDING VAN Oscar Petersen**

Dean John Smith, *Suidooster* se geliefde Wade, klim weer in die skoene van die skreeusnaakse Bettie, sy aweregse sosialemedia-persona. Bettie is beroemd (of is dit berug?) vir die eiers wat sy oor alles en almal te lê het, hoewel sy gewoonlik die kat aan die stert beet het. ’n Komedie met resepte, skinderstories, en lief en leed.
*Okay, bapaai!*

**Tydsduur: 65 minute**
**Geen ouderdomsperk**



*Foto* Gys Loubser/Suidoosterfees



**4 AUGUSTUS**
**MUNISIPALE OUDITORIUM • 11:30**
**R380**
**11 AUGUSTUS**
**HAWSTON SEKONDÊR • 11:30 • R280**

# A FEAST FROM NATURE

**KOSTEATER**

**MET Truida Prekel (storievertelling), Shihaam Domingo (kos), Frazer Barry en Deniel Barry (musiek)**

Dié produksie is 'n unieke ervaring van ons vroegste erfenis van kos, musiek en storievertelling geïnspireer deur Renata Coetzee se boek *A Feast from Nature*.

Duisende jare lank het die Khoikhoi toegang gehad tot 'n verskeidenheid kosse wat hulle volhoubaar bestuur het deur seisoenaal te oes en net te gebruik wat nodig is. Die volheid van hul omgewing het gelei tot 'n intieme verbintenis met die natuur en die kosmos, wat ook hul ryk kultuurlewe beïnvloed het. Kos was dus meer as 'n eet-ervaring. Die versameling en jag daarvan was gedryf deur die raamwerk van ons voormense se geestelikheid, hul rituele, musiek en diep respek vir die natuur.

**Tydsduur: 120 minute**
**Geen ouderdomsperk**



**10 AUGUSTUS**
**HAWSTON SEKONDÊR**
**10:00 • R180/R150/R100**

# MAGDA LOUW

**KOMEDIE**

**MET Desiré Gardner**
**TEKS EN VERVAARDIGER Desiré Gardner**
**REGIE Hannes van Wyk**
**PRODUKSIEBESTUURDER Nelius Ferreira**

Magda Louw bevind haar in haar herfsjare op nasionale televisie, en skielik is sy nie net meer die tannie in die straat nie, maar die tannie in mense se sitkamers, en nou ook die tannie op die verhoog. Wat sal sy kwytraak as die mikrofoon in haar hand gedruk word? Wat is haar siening oor gewig, sosiale media, die plooie oor haar décolleté, reis – en sommer rys ook? Sal sy die paar kilo's kan afskud voor haar optrede, en hoe de hel gaan sy al haar woorde onthou?

Miskien is daar 'n bietjie "Magda Louw" in elkeen van ons. Kom kuier saam met Desiré Gardner en besluit self of daar 'n Magda Louw in jou eie huis, skool, kerk of dorp is! Lekker lag en 'n goeie dosis inspirasie word gewaarborg.

**Tydsduur: 65 minute**
**Geen o.16**



*Foto Julius Bekker*

**10 AUGUSTUS**
**SANDBAAI-SAAL**
**10:00 • R220/R190/R150**

# ROLEX MET 'N K

**KOMEDIE**

**MET André Lötter en Ignatius van Heerden**
**TEKS Braam van der Vyver**
**REGIE Lihan Pretorius en Johan van der Merwe**
**VERVAARDIGER Leftfoot Theatre Productions**

Speurdersersant Wihan Byleveld ondersoek die roof van 'n Rolex – een van net 10 in die wêreld wat met 'n "k" gespel word en deur 'n berugte vervalser op internetveilings verkoop word. Sy ondersoek lei hom na Jean du Randt, die plaasseun met 'n geheim; Louis-Louise LeBonn, die fopdos-pierewaaier; en Leksie Pieterse, die betowerende assistent by die juweliers-winkel. Wie is die skuldige, of is daar 'n ander vangplek? Geniet 'n "whodunnit" wat jou gaan laat skater en aan die raai hou, een wat jy nie mag misloop nie!

**Tydsduur: 70 minute**
**Geen ouderdomsperk**





***DEBUUTPRODUKSIE***



**10 AUGUSTUS**
**PARKEERTERREIN,**
**NG KERK HERMANUS**
**18:00 • R250**

# PROOI/PREY

**PLEKSPESIFIEKE TEATER**

**MET Sue Diepeveen, Ryan Roussouw, Penny Wolhuter en Ignatius van Heerden**
**REGIE Johan van der Merwe en Johann Smith**
**VERVAARDIGERS Leftfoot Theatre Productions/The Drama Factory**

*Prooi/Prey* neem die gehoor op 'n busrit waarna hulle deel word van 'n sindikaat in die onderwêreld van sekshandel en orgaanoes.

Kinder- en sekshandel kom daagliks in Suid-Afrika voor en dié produksie wil mense bewus maak van die angswekkende probleem wat ons in die gesig staar.

As jy van teater hou wat jou gaan uitdaag en anders is as enigiets wat jy tevore gesien het, moet jy nie hierdie produksie misloop nie. Dit gaan jou raak, oorrompel en lank laat nadink!

**Tydsduur: 90 minute**
**Geen o.13**



**10 AUGUSTUS**
**SANDBAAI-SAAL**
**20:00 • R220/R190/R150**

# BLACKBYRD

**MUSIEK**

**MET Tarryn Lamb, Tasché Burger en Natasha Zaaiman**

Die musiekgroep BlackByrd is terug met twee nuwe lede! Die oorspronklike lid Tarryn Lamb is steeds daar, maar met die nuwe lede Tasché Burger van *The Voice*-faam en Natasha Zaaiman van *Die Kontrak* aan haar sy, beloof dié trio 'n besonderse luisterervaring.
Die groep se eerste enkelsnit, "Didn't I", was 'n gesamentlike poging uit die drietal se eie penne. "Dit is in my tuin geskryf!" verklap Tarryn oor dié country-popliedjie wat sy ook as "'n baken van hoop" beskryf. Volgens Tarryn, wat bekend is vir vorige BlackByrd-treffers soos "From the bottom of my heart" en "Better in the morning", beteken "Didn't I" 'n nuwe begin vir die trio vroue wat die groep nou op sy nuwe reis neem. Kom luister na dié goedvoel-nommertjie en meer – net by die Kalfiefees!

**Tydsduur: 60 minute**
**Geen ouderdomsperk**

# VÊR VAN HIER

**MUSIEK**

**MET Anna Davel**
**MUSIEKREGIE Graeme Lees**
**VERVAARDIGER Anna Davel**

As musikant reis 'n mens die land en soms die wêreld vol – partykeer in besigheidsklas op 'n oorsese vlug, of dalk in luukse toerbusse met lugreëling; ander kere is dit stowwerige *road trips* oor grondpaaie en kronkelroetes heen. *Never a dull moment,* maar uit elke avontuur word 'n *song* of 'n storie gebore.

Kom geniet 'n musikale verskeidenheid so reg in Anna se styl oor onverwagse lewensreise. Die gehoor kan uitsien na stukke wat dié bekroonde kunstenaar die afgelope 20 jaar opgeneem het, asook splinternuwe liedjies, spesiaal opgediep uit vergete laaie – als natuurlik met stories van onbeplande afdraaipaaie tussenin …

**Tydsduur: 75 minute**
**Geen ouderdomsperk**

**9 AUGUSTUS**
**MUNISIPALE OUDITORIUM**
**20:00 • R195**



*Foto* Gys Loubser/Suidoosterfees

# BYSTER

**TEATER**

**MET Lara Hattingh**
**REGISSEUR, DRAAIBOEK, MUSIEK, KOSTUUMONTWERP EN VERVAARDIGER Lara Hattingh**
**TEGNIESE ONTWERP Wicus Louw**

*Byster* is verlede jaar by die US Woordfees se Fringe bekroon met die Woordtrofee vir Beste Prestasie. Dit vertel die verhaal van 'n oningeligte, naïewe jong vrou wat sukkel om deur die diep waters van 2023 te kom. Sy is regtig snaaks, maar waarskynlik 'n bietjie van 'n narsis. In 'n bundel oënskynlik lukrake verhale vertel sy kaalkop wat sy dink. Sy wonder wat dit beteken om 'n vrou te wees en of sy haarself regtig 'n Afrikaner kan noem. Sy weet dit nie, maar sy hardloop. Of sy van iets probeer wegkom, is onduidelik.

**Tydsduur: 85 minute**
**Geen o.13**

**10 AUGUSTUS**
**MUNISIPALE OUDITORIUM**
**18:00 • R150**



*Foto* Nardus Engelbrecht

# KINDERTEATER



**2 AUGUST • 14:00**
**THE CAVE THEATRE**
**4 AUGUST • 12:00**
**WHALE COAST THEATRE (BEAN BAG)**
**R80/R50**

## ZOEKI AND TOEKS

CHILDREN'S THEATRE

**WRITER AND DIRECTOR Celeste Slabber-Loriston**
**PRODUCTION Story Team Hermanus**

Zoeki and Toeks are best friends who love to learn. They discover shapes, colours and numbers through fun-filled activities, song, dance and play.

This interactive puppet theatre production will introduce the young audience (2–5 years) to the magical world of the theatre. It will encourage them to participate in learning with our characters, Zoeki and Toeks.

Come and join us for an energetic morning of music and fun!

**Duration: 30 minutes**
**No age limit**



*Foto Pierré Photography Passion*

**2 AUGUSTUS • 16:00**
**THE CAVE THEATRE**
**9 AUGUSTUS**
**10:00 • DE WET-SAAL**
**14:00 • WHALE COAST THEATRE (BEAN BAG) R80/R50**

## POPLAP DIE LAPPOP

KINDERTEATER

**VERVAARDIGER Pierré en Pauli Produksies**

Poplap is 'n lewensgroot lappop wat kinders sing-sing leer van interessante dinge soos kleure, getalle, die dae van die week, goeie maniere en selfs die name van die planete. Dit is 'n prettige en interaktiewe aanbieding wat geskik is vir maats van 2 tot 8 jaar. Die res van die familie is natuurlik ook welkom!

**Tydsduur: 40 minute**
**Geen ouderdomsperk**



**3 AUGUST • WALDORF SCHOOL 18:00**
**7 AUGUST • WHALE COAST THEATRE 18:00**
**10 AUGUST • HAWSTON SECONDARY SCHOOL • 18:00**
**11 AUGUST • WHALE COAST THEATRE 12:30**
**R80/R50**

## STAR SEARCH CONCERT

MUSIC

**WITH Jemaine Julies**

Star Search launched in 2023 and has become a year-round youth development and mentorship programme through the arts. This collaboration between Creative Skills Factory NPC, Rockpool Media and the Stanford Festival of Community Arts focuses on young people's personal growth and entrepreneurial skills.

The core participants are a male *a cappella* group and two female solo singers who have performed in various concerts, including with the Gugulethu Tenors. These young vocalists epitomise the depth of talent that lies within the people of South Africa and one cannot help but be deeply moved by their beautiful voices. These performances are not to be missed by anyone who enjoys pureness of voice and spirit.

**Duration: 60 minutes**
**No age limit**



**3 AUGUSTUS**
**HOËRSKOOL HERMANUS**
**18:00 • R100/R80**

## (OOR)VLOED

TIENERTONEEL

**MET Jana Marais, Dederei Johnson, Greatha Cupido, Zanele Tshazibane, Belinda Pike, Bianca Bothma, Kamran Laing, Michail Kleyn, Dayaan Abdurahamen**
**TEKS EN REGIE Elenoré Wilson en Dayne Nel**

In September en Oktober 2023 is die Overberg deur rampspoedige storms en vloede getref. In hierdie veeltalige produksie ondersoek leerders van die Hoërskool Hermanus die begrip van "oorvloed", en die effek wat te veel of te min op die omgewing en die mense het.

Digkuns, monoloë en bewegingsteater vloei ineen in dié visuele uitbeelding van oorvloed en tekort, en die gevolge daarvan.

**Tydsduur: 45 minute**
**Geen ouderdomsperk**



**4 AUGUSTUS**
**WHALE COAST THEATRE**
**15:00 • R80/R50**

## KOM SING SAAM

MUSIEK

Die musiekproduksie *Kom sing saam* word aangebied deur die Catapult-koor, met 'n verskeidenheid gewilde Suid-Afrikaanse en internasionale liedere. Die dirigent sal ook die gehoor 'n geleentheid gee om die bekende koortjies van elke lied wat hulle uitvoer, saam te sing.

**Tydsduur: 60 minute**
**Geen ouderdomsperk**

**VERVAARDIGER Catapult Foundation**, 'n nie-winsgewende organisasie wat hulle daarop toespits om onverdraagsaamheid in die samelewing te oorbrug deur mense van allerlei agtergronde byeen te bring deur middel van kuns en kultuur. Die stigting het reeds in 2017 begin om uitvoerende kunstenaars te ontwikkel en bereik jong leerders vanoor die hele Overstrand-omgewing. Opleiding geskied meestal by Hawston Primêr en Sekondêr.



**7 AUGUSTUS**
**HAWSTON PRIMÊR**
**16:00 • R80/R50**

## FROM HAWSTON TO CAPE TOWN

MUSIEK

Hierdie opvoering sal die musikale vaardigheid van leerders en hul leermeester ten toon stel terwyl hulle gehore trakteer op plaaslike en internasionale treffers.

**Tydsduur: 60 minute**
**Geen ouderdomsperk**



**Mark Williams, een van die Catapult Foundation se groot suksesverhale.**



8 AUGUSTUS • WALDORF-SKOOL
16:00
9 AUGUSTUS • HAWSTON SEKONDÊR
18:00 • R80/R50

# SKAAKMAT

**TIENERTONEEL**

**MET Leerders van Hawston Sekondêr**
**SKRYWER EN REGISSEUR**
**Celeste Slabber-Loriston**
**VERVAARDIGER Story Team Hermanus**

Dalrique Witbooi se lewe kan met 'n skaakspel vergelyk word. As jong seun was hy gelukkig in Hawston saam met sy pa, ma en broer Rashied. Maar alles verander ná 'n ongeluk waarin albei sy ouers sterf. Hy en Rashied moet veg vir oorlewing, en word gedwing om deel te raak van 'n groep perlemoenstropers. Ná Rashied se dood kry Dalrique 'n nuwe tuiste in die onderwêreld van smokkelhandel en dwelms. Hy bevind homself in 'n skaakmat-posisie waaruit nie eens die liefde van Miekie hom kan red nie.

Kan Dalrique homself vergewe sodat hy sy skaakspel oor kan begin? Of sal die spoke van die verlede hom keer op keer dwing om sy eie *game* te verloor.

**Tydsduur: 40 minute**
**Geen ouderdomsperk**



9 AUGUST
WALDORF SCHOOL
13:00 • R50

# LAND OF GREY

**CHILDREN'S THEATRE**

**WRITER AND DIRECTOR**
**Celeste Slabber-Loriston**
**PRODUCTION Story Team Hermanus**

Tess finds herself in the Land of Grey, a planet with no colour. This land used to be filled with all the colours of the rainbow, but the colours disappeared because humans destroyed the planet until nothing was left. Now it is the land were Uberton rules.

Tess finds a suitcase filled with a riddle and a code to solve. She is sent on a difficult quest to find the blue heart of the ocean and bring back colour to the grey land.

Uberton does not want her to succeed and makes her journey challenging and difficult. Will she find the courage to continue her quest to find pure water from the mountains and fertile soil in the wetlands? Will Uberton stop her? Can you help Tess to find the rainbow again?

**Duration: 45 minutes**
**No age limit**



9 AUGUST
WALDORF SCHOOL
16:00 • R50

# PRINCESS WITH THE DRAGON-HEART

**CHILDREN'S THEATRE**

**WRITER AND DIRECTOR**
**Celeste Slabber-Loriston**
**PRODUCTION Story Team Hermanus**

Once there was a little Princess who had everything her heart desired: a castle, a mother-Queen and daddy-King who adored her, and toys to die for. Life was good… until she turned 13. Her mother-Queen became a monster and her daddy-King overprotective! She felt alone and sad.

Then one day she discovered the dragon of emotions in her heart: she found love! She followed the Prince, who promised her a world of happiness and dreams. But the dreams soon become a nightmare and she finds herself alone and desperate. She must go home, back to her own heart. Will she be strong enough to find her way?

**Duration: 35 minutes**
**No age limit**





9 AUGUSTUS
WALDORF-SKOOL
10:00 • R50

# DIE KEISER SE NUWE KLERE

**KINDERTEATER**

**SKRYWER EN REGISSEUR**
**Celeste Slabber-Loriston**
**VERVAARDIGER Story Team Hermanus**

Keiser Krullebol het 'n probleem: Hy kort 'n nuwe kostuum vir sy verjaarsdag môre, maar sy kleremaker is in Frankryk waar sy poedel Frans leer. Wat nou? Gaan Google hom kan help? Of die Flambojante Kalante of Glitteratie vir 'n Paartie? Of miskien Willie die skelm hofnar?

Willie wil nie regtig help nie, maar toe hy hoor dat die keiser se nuwe kleremaker met al keiser Krullebol se duurste juwele gaan werk, maak hy 'n stoute plan om die juwele in die hande te kry…

Gaan sy mede-hofnar Wilma van sy skelm plan uitvind? Gaan keiser Krullebol 'n nuwe kostuum kry? Gaan Willie se plan slaag?

Kom geniet 'n opwindende interaktiewe teaterstuk vir oud en jonk.

**Tydsduur: 50 minute**
**Geen ouderdomsperk**



10 AUGUSTUS • WALDORF-SKOOL • 10:00 / HAWSTON SEKONDÊR • 16:00
11 AUGUSTUS • WHALE COAST THEATRE (BEAN BAG) • 11:00 & 14:00

# BALLROOM BOY

**DRAMA**

**MET Ayden Croy, Liande Valentyn en Zinedine Manus**
**NAVORSING Sandra Prinsloo en Christo Davids**
**TEKS Christo Davids**
**REGIE Nolan Africa**
**VERVAARDIGER Stigting vir Bemagtiging deur Afrikaans**

Dié produksie is 'n dramatiese voorstelling van 'n ma en haar twee seuns wat as gesin deur bendegeweld uitmekaargeskeur word. Dié drama probeer om die stigma wat veroordeelde misdadigers omhul nadat hulle vrygelaat is af te breek en beter integrasie in die samelewing te bewerkstellig met die oog op 'n nuwe toekoms. Na afloop van die vertoning volg 'n kort gespreksessie met die gehoor.

**Tydsduur: 45 minute**
**Geen ouderdomsperk**

**GRATIS VERTONING**

# GEMEENSKAPSPROJEKTE

Teater laat oë anders kyk, harte vinniger klop. Drome kry vlerke en stories kry lewe – ons eerste en grootste toekomsdroom.



Vincent Bootje Woensdregt, Dezmaé Izatt, Filicity Tobias , Faigon Kees en Esethu Mncono van die produksie Land of Grey (lees meer op bl. 40).




'n Vertoning van Land van Grys by die Laerskool Kleinmond met Dezmaé Izatt en Faigon Kees.

## STORY TEAM: ONS VERHOOG, ONS WÊRELD

Die dramaturg Anton Tsjechof het gesê: "*You should feel a flow of joy because you are alive. Your body will feel full of life. That is what you must give from the stage. Your life. No less. That is art: to give all you have.*"

Om alles te gee wat ons het, om op te voed en ons passie te deel, dit is die grootste gawe. En dít is ook Story Team se visie en doel: Om die vreugde van die teater te deel met ons gehore, jonk en oud – en om die verhoog te gebruik as platform waardeur denkpatrone gevorm en gemeenskappe bemagtig kan word.

Story Team is 'n opvoedkundige teatergroep in die Overberg. Talentvolle plaaslike akteurs leer jong gehore oor die belangrikheid van natuurbewaring met tema-gefokusde programme oor waterbesparing, herwinning en die bewaring van ons oseane. Teater is 'n kragtige medium wat gemeenskappe kan verenig om 'n gesamentlike doel na te streef.

Om te dien vanaf die verhoog en die vreugde van die gehoor te ervaar is ons hoofdoel en ons passie. Ons weet dat die teater individue kan motiveer om hulself te ontdek sodat hulle hul eie passie kan nastreef en 'n beter toekoms vir hulself en hul gemeenskappe kan skep.

Story Team is trots op wat hulle die afgelope tien jaar bereik het met produksies van hoogstaande gehalte. Op die verhoog skep ons lewe, gee ons alles wat ons het. Dit is ons dryfveer, ons kuns.

Ons speel, neem deel en bemagtig.

• Kyk op bl. 38-41 na die produksies wat Story Team na die Kalfiefees bring, en ondersteun dié inisiatief.

## THE CAVE THEATRE

Op 30 November 2022 open Story Team The Cave Theatre se deure by die Ou Hawe-museum in Hermanus. Dié intieme teaterruimte was eers net 'n droom, maar dit het ontkiem tot 'n idee en gegroei tot 'n realiteit. Nou bied The Cave Theatre 'n ruimte waar plaaslike talent kan optree en hulle vaardighede kan ontwikkel met mentorskap en ondersteuning. Maar meer nog: Ook jong gehore kan hier die sprankel van die teater leer ken en beleef.

Die uitvoerende kunste bestaan uit verskillende dissiplines, en The Cave Theatre is deesdae 'n tuiste vir meer as net Story Team. In Julie 2024 raak Woordklub Hermanus en Pierré en Pauli Produksies deel van die inisiatief. Dié samewerking verseker 'n groter verskeidenheid en aanbod van uitvoerende kunsvorms. Dit sluit in kinderteater, dramaklasse vir kinders en volwassenes, sanglesse, boekaanbiedings en meer.


Gemeenskapsontwikkeling is 'n belangrike aspek van die kunste in die Overberg. Tans kry vyf plaaslike akteurs die geleentheid om hul talente te ontwikkel en in te span by talle projekte van The Cave Theatre. Die deurlopende ondersteuning van die Kalfiefees help ons om selfs meer geleenthede vir die kunste te skep. Danksy dié samewerking kan ons die visie van groei verder uitbou.

Teater het die krag om individue te inspireer om hul beste self te vind. Dit kan mense transformeer om hulle eie doel en funksie te ontdek. Ons hoop dat The Cave Theatre die platform sal word waar kreatiwiteit ook werklikheid word.





Creative Space learners attended Hermanus FynArts recently with their tutor, Chante Barends (centre).




Star Search host Jemaine Julies welcomes aspiring artists to the 2023 auditions.

## CREATIVE SPACE

This initiative has a clear mission: to provide an inspiring, innovative visual art and design programme that will help to develop the creative thinking skills and artistic talents of senior learners from disadvantaged areas in Hawston through art classes.

The long-term vision is to grow and explore the potential of the creative world as a possible career, or for the art classes to simply be a healthy, expressive outlet. The aim of the classes is to be therapeutic and at the same time inspire creative thinking and provide future opportunities.

### LIFE SKILLS THROUGH ART ACTIVITIES

As visual art teachers, we believe in the benefits of art education:

• **Communication skills** Learners can find a way to visually express themselves through art. Feelings, emotions and experiences that might not otherwise be communicated are expressed and dealt with through art.

• **Creative and imaginative thinking** Art stimulates these two important life skills, helping with problem-solving on different levels. When creating art, learners are working through various challenges and need to find alternative ideas and solutions. This encourages them to engage in 'out-of-the-box thinking'.

• **Positive mental health** Through creating art and expressing themselves, learners build confidence and self-esteem.

• **Social and emotional skills** Art classes provide a safe space for learners to practice and develop social skills such as sharing, taking turns, and working collaboratively, as well as appreciating one another's efforts.

• **Fine motor skills** Holding a paintbrush so that it will make the desired marks, cutting paper with scissors into definite shapes, drawing with a crayon, or squeezing glue from a bottle in a controlled manner all help develop a child's fine motor skills and control of materials.

• Creative Space is part of the Kalfiefees visual arts offering. To view the art created by the learners, visit the art exhibition in the New Harbour, Hermanus – see page 58.

## STAR SEARCH OVERSTRAND

Star Search launched in 2023 and its success far exceeded expectations. So much so that it has become a year-round youth development and mentorship programme through the arts. The Overstrand youth development programme is a collaboration between Creative Skills Factory NPC, Rockpool Media and the Stanford Festival of Community Arts.

Of the youth who auditioned in 2023, nine Zwelihle performers are the core participants of the group, which includes a male *a capella* group and two young female soloists. They have shared the stage with the Gugulethu Tenors, and have performed at the Stanford Christmas Market, self-organised concerts at local schools, and in June this year at the Hermanus FynArts opening and closing ceremonies.

These young artists epitomise the depth of talent that lies within the people of South Africa and one cannot help but be deeply moved by their beautiful voices.

The Star Search programme focuses on the personal growth and entrepreneurial skills of the young people. The results of the programme will be showcased at the Kalfiefees in four unforgettable concerts. We are truly grateful to the organisers of the Kalfiefees for embracing our local talent.

We have big plans for the rest of the year. The mentorship programme will be expanded to 20 aspiring performing artists within the Overstrand region.

Creative Skills Factory founder Regina Broenner has been running upliftment projects in the Overstrand for over 10 years. "We see amazing potential in the young people in our communities," she says. "The arts provides a powerful avenue to nuture potential and to help facilitate a positive future for children and youth and the Overstrand. We are excited to be involved with the Star Search youth programme."

• Keen to participate in this programme? Send an email to regina@creativeskillsfactory.co.za or jasmine@rockpool.media.

• Read more about the Star Search concerts on page 38.

# WERKSESSIES

Droom jy van 'n toekoms in die kollig? Kom slyp dan jou skryf-, redenaars- en sangtalente saam met die kenners. **Kry jou kaartjies by tixsa.co.za.**



**5 AUGUSTUS • R400**
**DE WET-SAAL, ONRUS**
**10:00 & 15:00**

## ONTDEK JOU SANGSTEM

**AANGEBIED DEUR Pierré en Pauli Produksies**

Hierdie slypskool neem jou deur al die stappe na die ontdekking en ontwikkeling van jou sangstem.

Kom leer hoe om met selfvertroue jou stem te vind. Leer wat die omvang van jou stem is. Vind uit waar jou groeipunte lê en kry die nodige kennis om dié groeipunte aan te spreek. Leer hoe om 'n mikrofoon en die verhoog te gebruik, en vele meer.

Pierre rig al 28 jaar lank sang af en het talle sangers die verhoogligte laat beleef. Baie van dié sangers se musiekvideo's is ook op sosiale media te sien.

Moenie wag nie – skryf in sodat jou lig kan skyn en jou stem gehoor word!

**Tydsduur: 150 minute**



**6 AUGUSTUS • R300**
**DE WET-SAAL, ONRUS**
**10:00 & 15:00**

## SPREKERVAARDIGHEID VIR LEERDERS EN LEERGIERIGE VOLWASSENES

**AANGEBIED DEUR Pierré en Pauli Produksies**

Die voorbereiding en aanbieding van 'n redenaarstoespraak is 'n fyn kuns en verg tegniek. Pauli van Niekerk, bekende spreker, redenaarskenner en hoof van die Gladdebekke Sprekervaardighede Virtuele Afrigtingsentrum, wat landwyd en ook buite ons landsgrense sprekers afrig en slypskole aanbied, deel haar kennis en vernuf. Dit is nie net 'n teoretiese werkwinkel nie, maar sluit ook praktiese oefening in.

Die waarde van redevoering is nie net beperk tot goeie kommunikasietegnieke nie, maar bou selfvertroue en ontwikkel kritiese denke – sleutelvaardighede waarby elke persoon kan baat.

**Tydsduur: 150 minute**



**7 AUGUSTUS • R450**
**DE WET-SAAL, ONRUS**
**10:00 & 15:00**

## SKRYF 'N WENTOESPRAAK

**AANGEBIED DEUR Pierré en Pauli Produksies**

Is jy 'n redenaar wat die regte woorde in 'n ry wil kry, 'n desperate mamma wat moet help skryf, of 'n onderwyser wat meer kennis oor die skryf van toesprake wil opdoen? Dan is hierdie slypskool vir jou. Pauli van Niekerk, bekende spreker, redenaarskenner en hoof van die Gladdebekke Sprekervaardighede Virtuele Afrigtingsentrum gaan stap vir stap verduidelik hoe jy daardie wentoespraak kan skryf. Redenaars kry ook die geleentheid om praktiese oefeninge te doen en hul toesprake te lewer.

'n Kind wat verstaan hoe om die skryf van toesprake reg te benader, sal nooit weer sukkel met die neerpen van klas- of kompetisietoesprake nie.

**Tydsduur: 210 minute**









Die fotosessie vir hul debuut-album.



Saam met die kinders by Theatre of Dreams.



'n Valentynskonsert saam met verskeie kunstenaars, onder andere Lee Scott (middel).

Wie is?

# PIERRÉ & PAULI

Pierré & Pauli tree sedert 1992 as duo op. In 1995 sê hulle "I do!", en drie kinders – Joshua, Bea en Carlo – word uit die huwelik gebore.

In 1997 word die sangpaar se eerste CD, *Teen Skemer*, opgeneem en met groot lof ontvang. Die tydskrif *Keur* het dit aangewys as die beste duet- en debuutalbum. In 2002 is hulle ATKV Crescendo-naaswenners en in 2005 word hul gospel-CD, *Land Waar Dit Nooit Nag Word Nie*, in die Staatsteater bekendgestel.


Onder die naam Pierré en Pauli Produksies bedryf hulle die afgelope 30 jaar klankateljees, doen videoproduksies, bied sang- en drama-afrigting aan en rig verskeie kore af. Pierré is ook in groot aanvraag as fotograaf, terwyl Pauli die virtuele sprekervaardigheidsentrum Gladdebekke bedryf, wat jaarliks met tientalle wenners (plaaslik én internasionaal) spog. Dié twee kunstenaars het voorwaar al etlike sangers en sprekers groot hoogtes help bereik.


In die begin van 2023 het die gesin na Vermont, Hermanus, verhuis waar Pierré eersdaags begin klankopnames doen. Hy is ook lid (en tans voorsitter) van die Pro Musica-koor. Die sangpaar is betrokke by die bestuur van The Cave Theatre en beplan om nog vele wonderlike produksies na Hermanus te bring. Hulle werk tans aan nuwe musiekvideo's en klankopnames waaroor hulle baie opgewonde is. Wanneer die sangpaar nie besig is met die uitvoerende kunste nie, sal jy hulle iewers op die kuspaadjies, in die see of tussen die vlugbalspelers op die strand kry.


*Poplap die Lappop* (lees meer op bl. 38) is een van hul trotse skeppings. So sing-sing leer Poplap kinders allerlei belangrike dinge, soos hoe om te tel en die name van die planete.

# KALFIEFEES SE BOEKEKUIER: SKRYWERS & LESERS BYEEN

**Al die Kalfiefees-boekgesprekke vind óf in die biblioteek óf die munisipale ouditorium op Hermanus plaas (sien bl. 80) en duur sowat 60 minute. Kaartjies kos R50, tensy anders vermeld. Kaartjiepryse sluit koffie, tee, sap & water in; eetgoed sal te koop wees.**







2 AUGUSTUS • 14:00

## DIGTERS EN HUL DIGKUNS

In gesprek met Jak de Priester

**R50 • Munisipale Ouditorium, Hermanus**

Vier digters, drie Afrikaans en een Engels, lees van hul eie werk voor, gesels met Jak oor hul skryfwerk en vertel meer van hulleself. Een digter het al gepubliseer, die ander skryf net vir eie genot. Tussendeur sing Jak en lees self 'n gunsteling of twee voor.

3 AUGUSTUS • 10:00

## DEON MEYER

In gesprek met Jonathan Amid

**R50 • Munisipale Ouditorium, Hermanus**

Met min of meer 20 boeke, verskeie kortverhaalbundels en etlike televisie- en filmtekste op sy kerfstok is daar min mense wat nog nie met Deon Meyer en sy werk paaie gekruis het nie. Hy is 'n huishoudelike naam, selfs al is jy nie 'n leser nie. Bennie Griessel los misdade op in 28 tale, maar hy vloek nog steeds die lekkerste in Afrikaans.

4 AUGUSTUS • 10:00

## CHARMAINE AFRICA

***AMMA***

In gesprek met Bettina Wyngaard

**R50 • Biblioteek, Hermanus**

*Amma* is die verhaal van Charmaine Africa (ma van André en Nathan Trantraal) wat in 'n armoedige, apolitiese familie in Bishop Lavis grootword teen die agtergrond van apartheid. Sy probeer haar familie bymekaar hou terwyl alles uitmekaar val. Dié memoir laat jou lag en huil, en gaan sit diep in jou lyf.

4 AUGUSTUS • 17:00

## RIKU LÄTTI

***TABOEK***

In gesprek met Tom Dreyer

**R100 (sluit sop en sjerrie in) Munisipale Ouditorium, Hermanus**

"Riku Lätti se poësie-debuut is meer as net nog 'n oulike digbundeltjie in Afrikaans; ek sien dit as 'n monumentale en omvattende deurgronding van alle fasette van die moderne mens se soeke na betekenis en – hier kom die grootste verrassing – selfs ons opvattings oor die teologie." So sê Koos Kombuis. Kom luister na Riku se aangrypende meditasies oor die heiligheid van onsekerheid.

5 AUGUSTUS • 14:00

## BETSIE VAN NIEKERK

***... SO OOK OP DIE AARDE***

In gesprek met Barend Vos

**R50 • Biblioteek, Hermanus**

Betsie van Niekerk se historiese roman handel oor 'n jong Franse non wat in 'n afgeleë Kalahari-woestyndorpie ontdek dat verbode liefde soms onmoontlik is om te keer, veral as sy die jong Vader Simon, die kaalvoet priester, ontmoet. 'n Eg menslike verhaal van 'n klein gemeenskap met wegsteekdinge, mense vir wie God in die worsteling van hul bestaan soms net 'n skrale wete is.

5 AUGUSTUS • 18:00


## REISSTORIES


Paneelgesprek met Shiloh Noone, Barend la Grange, Joe Lategan en Toast Coetzer

**R100 • Munisipale Ouditorium, Hermanus**

Sommige mense is doodeenvoudig gebore met hulle oë gerig op die horison – hulle is ewig op soek na 'n volgende avontuur, 'n nuwe pad om te ry en 'n nuwe land om te besoek. In dié gesprek gesels die paneel van joernaliste, skrywers en fotograwe oor die reisgogga wat immer byt en hoe hulle kreatief met die reislus omgaan.


Wat is 'n fees sonder boekbesprekings? Dié gesprekke met van ons gewildste Afrikaanse skrywers beloof om menige boekwurm se belangstelling te prikkel. **Kry jou kaartjies by tixsa.co.za.**













6 AUGUSTUS • 10:00

## ILSE VERSTER

***SO LYK 'N VROU...***

In gesprek met Juliana Coetzer

**R50 • Biblioteek, Hermanus**

Ilse Verster se aangrypende boek, *So lyk 'n vrou*, vertel die ware verhaal van haar 40 jaar saam met 'n narsis (én alkoholis) en hoe sy uiteindelik uit die gewelddadige verhouding, gekenmerk deur verbale, finansiële en fisieke mishandeling, ontsnap het. Juliana Coetzer is 'n skrywer en psigoterapeut, en beskryf die boek as volg: "Ontstellend, insiggewend, seëvierend."

7 AUGUSTUS • 10:00

## LELANIE ROODE

***OLIFANT OP 'N SWEEFSTOK***

In gesprek met Elsa Winckler

**R50 • Biblioteek, Hermanus**

Verraad gebeur wanneer geheime wat blootgelê moes word, stilgehou word. Die bekoring van die Olimpiese Spele het die regsgeleerde en dosent Lelanie Roode gedryf om 'n roman met 'n kinkel van misdaad, drama en aksie te skryf. Die eindproduk is *Olifant op 'n Sweefstok*, 'n boek vol misdaad en verliefdheidswaansin.

7 AUGUSTUS • 14:00

## SIDNEY GILROY

***BLOEDSOMER***

In gesprek met Susan Booyens

**R50 • Biblioteek, Hermanus**

Wat het Die Clowns, 'n Russiese skeepskaptein en die matriarg van die vooraanstaande Heemstra-familie se testament gemeen? Petunia Moraleng, voormalige stasiebevelvoerder op Parys en nou inwoner van Mooibaai, gaan dié raaisel vir jou oplos. *Bloedsomer* is Gilroy se vierde roman, oor 'n baie interessante moordsaak en 'n geheimsinnige albaster.

8 AUGUSTUS • 12:00

## AMORE BEKKER

***EK HET 'N ENGEL GESIEN***

In gesprek met Helen Naudé

**R200 (sluit vingerete en 'n glas wyn in) Munisipale ouditorium, Hermanus**

As voormalige RSG-aanbieder het Amore Bekker gereeld vir luisteraars gevra om hul ontmoetings en ervarings met engele te deel, en die reaksie was oorweldigend. *Ek het 'n engel gesien* is uit al dié gesprekke gebore. Die boek is gevul met diep menslike ervarings van hoogs geestelike wesens vanuit elke uithoek van ons land.

10 AUGUSTUS • 10:00

## RUDIE VAN RENSBURG

In gesprek met Nadine Petrick

**R50 • Biblioteek, Hermanus**

Rudie van Rensburg, skrywer en skilder, het vroeër jare sy skryfspiere as joernalis ontwikkel. Sy debuutroman, *Slagyster*, verskyn in 2013 en word opgevolg met 'n reeks misdaadromans oor inspekteur Kassie Kasselman. En moenie van die nimlike ouetehuis-anargis, Hans van Kraaienburg, vergeet nie.

Al die rolprente wys by Romantiques, Aberdeenstraat 18, Hermanus. Kaartjies kos R95 per fliek – dit sluit springmielies in!

# KOM FLIEK SAAM!

Geniet hoogtepunte uit die Afrikaanse rolprentskatkis.
**Kry jou kaartjies by tixsa.co.za.**

## VRYDAG 2 Augustus
**13:00 Fiela Se Kind** met Shaleen Surtie-Richards, André Rossouw en Lida Botha
**19:00 Fiela Se Kind** met Shaleen Surtie-Richards, André Rossouw en Lida Botha

## SATERDAG 3 Augustus
**13:00 The Gods Must be Crazy** met Sandra Prinsloo, Marius Weyers en N!xau G!kau
**19:00 The Gods Must be Crazy** met Sandra Prinsloo, Marius Weyers en N!xau G!kau

## SONDAG 4 Augustus
**13:00 Paljas** met Marius Weyers, Aletta Bezuidenhout en Larry Leyden
**19:00 Paljas** met Marius Weyers, Aletta Bezuidenhout en Larry Leyden

## MAANDAG 5 Augustus
**13:00 Pappa Lap** met Katinka Heyns, Marga van Rooy en Trix Pienaar
**19:00 Pappa Lap** met Katinka Heyns, Marga van Rooy en Trix Pienaar

## DINSDAG 6 Augustus
**13:00 Katrina** met Cobus Rossouw, Jill Kirkland en Carel Trichardt
**19:00 Katrina** met Cobus Rossouw, Jill Kirkland en Carel Trichardt


## WOENSDAG 7 Augustus
**13:00 Die Storie van Klara Viljee** met Nic de Jager, Regardt van den Bergh en Anna-Mart van der Merwe
**19:00 Die Storie van Klara Viljee** met Nic de Jager, Regardt van den Bergh en Anna-Mart van der Merwe

## DONDERDAG 8 Augustus
**13:00 Lord Oom Piet** met Jamie Uys en Hettie Uys
**19:00 Lord Oom Piet** met Jamie Uys en Hettie Uys

## VRYDAG 9 Augustus
**13:00 Jock of the Bushveld – A True Tale of Friendship** met Sean Gallagher en Robert Urich


## SATERDAG 10 Augustus
**13:00 The Gods Must be Crazy** met Sandra Prinsloo, Marius Weyers en N!xau G!kau
**19:00 The Gods Must be Crazy** met Sandra Prinsloo, Marius Weyers en N!xau G!kau





























# PRICELESS NOSTALGIA

Romantiques is more than a movie venue. Here you can step back in time and shop to your heart's delight.





Romantiques Theatre


Romantiques Murder Mysteries


Romantiques Murder Mysteries


Romantiques Themed Movie Nights

Step inside for a trip down memory lane. There will be many things you recognise, and others you won't. With 15 rooms of collectibles, it is a veritable mini museum.

After starting in 2006, it outgrew its original premises and moved to 14 Aberdeen Street, itself one of Hermanus's historic locations. With multiple interleading rooms, visitors can wander at leisure, immersing themselves in the nostalgia of a bygone era.

**Scan these QR codes to visit the website (*left*), or to take the 360° tour (*right*). Simply open the camera app on your smartphone and scan the QR code as if you're taking a photo.**

**Memorabilia include:**
• Militaria • Vintage clothing and accessories • Kitchenware • Automobilia • Retro • Photographic • Toys and trains • Silverware • Railway and shipping • Crockery • Stationery • Medical • Taxidermy, shells and fishing • Bottles • Tobacciana • Music • Watches and clocks • Jewellery • Brass and copper • Crystal • Signs and outdoor



Foto DeSturgi Photo Video

# FOTOGRAFIEPROGRAM

Fotografie-entoesiaste het baie om na uit te sien by die Kalfiefees.

**Die fotografie-praatjies word in die Munisipale Ouditorium op Hermanus aangebied, met die fotografie-uitstalling in die aangrensende Banketsaal.**

**Moenie die amptelike opening van die Kalfiefees-fotografie-uitstalling op 2 Augustus om 10:00 in die Munisipale Ouditorium, Hermanus misloop nie. Toegang is gratis.**

## VRYDAG
2 Augustus

**10:30**
**Kiek, deel, inspireer: Herontdek Suid-Afrika met jou kamera**
**MET Joe Lategan**
**R100**
(in Afrikaans en Engels aangebied)

Sluit aan by ander fotograwe wat daartoe verbind is om die skoonheid van Suid-Afrika vas te vang, met waardevolle resultate: Dit wakker 'n gevoel van trots by die gemeenskap aan, lok besoekers en dra by tot die ekonomie en samelewing.
**Tydsduur: 180 minute**
**Geen ouderdomsperk**

## MAANDAG
5 Augustus

**10:00**
**Street photography presentation**
**WITH Daniel Reddie**
**R100**
(presented in English)

Daniel Reddie has more than 50 years' experience as a photographer, and is passionate about sharing the art of photography with the public. Discover how he looks at the world around him through the eyes of a photographer. The presentation includes a stroll through the streets of Hermanus – the group leaves at 11:30.
**Duration: 180 minutes**
**No age limit**

## DINSDAG
6 Augustus

**12:00**
**Sand, sea and surf photography presentation**
**WITH Phil Sturgess**
**R100**
(presented in English)

Walker Bay is a photographer's dream! The presentation provides a simple framework that will help you to develop a photographer's eye to see beyond the obvious.
**Duration: 60 minutes**
**No age limit**

## WOENSDAG
7 Augustus

**11:00**
**Hermanus historical images presentation**
**WITH Dinkie Marais**
**R100**
(presented in English)

Renowned photographer Dinkie Marais has published a book featuring photographs of Hermanus as it was in the early years. He now works with the Hermanus History Society, and in this talk will be sharing some of his most beautiful photographs.
**Duration: 60 minutes**
**No age limit**

## DONDERDAG
8 Augustus

**10:00 & 15:00**
**DE WET-SAAL, ONRUS**



Foto Stefan Botha

## THE STORY OF BUFFEL

**LIFESTYLE TALK**
**WITH Meredith Thornton**
**R50**
(presented in English)

Onrus beachgoers were surprised early one morning in February by an unusual visitor – a southern elephant seal! The tagged mammal, with disctinctive scars, was soon identified as a known elephant seal called Buffel. The time of year suggested that he had come ashore for his annual moult and it was crucial to ensure his safety during this month-long period.

Due to the popularity of this beach, it also became necessary to raise awareness about seals and the laws that protect them. Meredith Thornton, Stranding Coordinator for the SA National Stranding Network, jumped in to manage the incident with a team of volunteers, municipal safety monitors and security guards. This is the story of how several organisations and complete strangers came together to protect Buffel the elephant seal, who in turn brought a village together.
**Duration: 45 minutes**
**No age limit**



# THE OVERBERG – A PHOTOGRAPHER'S DREAM!

Join the movement to capture the beauty of the Overstrand and beyond. South Africa has much to offer, and capturing it with your camera will build awareness and market our beautiful country. You, too, can make a difference!

By **Joe Lategan**

**Make a note to attend Joe's presentation "Kiek, deel, inspireer: Herontdek SA met jou kamera", taking place on Friday 2 August at 10:00 at the Municipal Auditorium in Hermanus. Get your ticket at tixsa.co.za**

**The Hottentots Holland mountains provide a majestic backdrop to the scenic route between Gordon's Bay and Rooi-Els on the False Bay coast.**

*Photograph* Joe Lategan

"I have always been a vociferous advocate of authenticity, not only in life, but more specifically with my photography as a form of art and in marketing various destinations in South Africa.

I put immense effort into inspiring all photographers – amateur and professionals alike – to capture and share their photography through my media platform, ©photographingSA, as well as my YouTube channel, "Joe's camera".

Therefore, I am truly delighted that I have been approached by the Hermanus Kalfiefees director, Hester Finberg, who clearly understands and realises the integral and undeniable role photography plays as an art form, and to include it in the Kalfiefees offering for the first time this year.

In essence, the ©photographingSA platform has been integrated into the art and lifestyle sections of the Kalfiefees and ultimately the local municipality's future tourism efforts.

We are rolling out a photographic competition for the Overstrand in conjunction with the Kalfiefees, as the photographic part of the art and lifestyle programme. It offers photographers of all levels the opportunity to capture the hidden beauties of the Overstrand and to share them, effectively to inspire people to travel to this area.

It is an exciting project to drive and create awareness in the Overberg and beyond. We can all agree that the Overstrand is indeed one of the most unexplored photographic destinations, creatively speaking, along the Western Cape coastline.

The project offers photographers the opportunity to capture not only the landscapes, but also the culture and the essence of the diverse communities that make up the demographics of the Overstrand. From coastal cliffs and beaches to rolling hills and farmlands, the variety of landscapes ensures that photographers never run out of subjects.

The abundance of marine life and seascapes on the one side and the majestic mountains with their cloudscapes on the other side of Clarence Drive – the world's most scenic route – plus the extended coastal routes through the Overstrand, including whales, dolphins, sharks, and seals, along with rich seabird life, provides a wealth of opportunities for all photography.

The unparalleled biodiversity of the Kogelberg Biosphere that Clarence Drive passes through is a treasure trove for landscape, macro and botanical photographers. A well-maintained roads system makes it easy to reach and explore various picturesque locations.

Probably the most important point from a photographic perspective is the changing seasons that bring different opportunities throughout the year, from the blooming canola fields in spring to the golden wheat fields in summer and the lush greenery in winter. From mist rolling in from the sea to it crawling down the valleys of the Overberg. From bright colourful sunrises and sunsets over the ocean to dark dramatic cloudscapes rolling over the mountains to the sea, the Overstrand is a magical but undermarketed photographic tourist region. It is a premier destination for all genres of photographers. Whether you are capturing the grandeur of the mountains, the serenity of the seascapes, or the intricate beauty of the local flora, the Overberg promises a rich and rewarding photographic experience."

**• For more details of the competition, and for unique and specialised photographic tours and holidays in the Overberg, visit www.photographingSA.co.za or scan the QR code below. To do so, simply open the camera app on your smartphone, scan the QR code and tap the webpage that appears.**

# LEEFSTYL

Besoekers aan vanjaar se Kalfiefees kan aan 'n groot verskeidenheid kreatiewe slypskole deelneem. Bring 'n vriend of vriendin saam en kom maak iets moois met jou eie hande. **Kry jou kaartjies by tixsa.co.za.**

**Die sessies word aangebied in die Multipurpose Centre in die Nuwe Hawe, Hermanus** (sien kaart op bl. 80)**, of by De Pottebakker in die Hemel en Aarde Village-sentrum by Sandbaai** (sien kaart op bl. 81).

**Die koste van die slypskole (tensy anders gespesifiseer) sluit materiaal en gereedskap in. Eet- en drinkgoed is te koop by die lokaal en die restaurante in die Nuwe Hawe.**

## VRYDAG
2 Augustus


Arie Swanepoel

09:00-11:00

### Waterverf met Arie Swanepoel
**R550**
**Multipurpose Centre, Nuwe Hawe**

Bemeester waterverftegnieke in 'n los, intuïtiewe styl onder Arie se leiding. Dié kunstenaar is bekend vir sy groot portrette en skilderye van Afrika se dierelewe waarin hy die emosies van mens en dier vasvang met 'n beperkte palet.

12:30-15:00

### Bloudrukwerk met Desiree Malan
**R450**
**Multipurpose Centre, Nuwe Hawe**

Kry stap-vir-stap-onderrig oor bloudrukwerk met behulp van sonlig, en skep minstens vyf unieke kunswerke wat jy kan raam. Desiree sal verskeie tegnieke behandel, soos fotogramme met botaniese voorwerpe en bloudrukwerk met negatiewe.

## SATERDAG
3 Augustus

10:00-13:00

### Teken met houtskool onder leiding van Ronaldo Bantom
**R550**
**Multipurpose Centre, Nuwe Hawe**

Ronaldo gee kunsonderrig by The Creative Space in Hawston en lewer meesterlike werke op internasionale vlak. Laat hy jou die fyner tegnieke van teken en ontwerp met grafiet en houtskool wys, en gaan huis toe met jou eie kunswerke en 'n pakkie gereedskap om jou nuwe vaardighede mee te oefen.



14:00-16:30

### Neurografie met Vivienne Mitchley
**R550**
**Multipurpose Centre, Nuwe Hawe**

Brei jou kreatiewe vermoëns uit tydens 'n meditatiewe skeppingsproses wat kuns en breinstimulasie kombineer. Volgens Vivienne, 'n kunstenaar en gekwalifiseerde breinprofileerder wat al jare lank kunsklasse en -terapie in die Overberg aanbied, skep dié tegniek nuwe neurale verbindings in die brein.

14:00-17:00

### Knyppot-slypskool met Yanka Kruger
**R450**
**De Pottebakker, Hemel en Aarde Village-sentrum, Sandbaai**

Kom maak jou hande vuil en skep prettige kleipotjies om mee te spog. Leer hoe jy potte vir uitstal en allerlei gebruike uit die klei "knyp" volgens jou eie ontwerp en onder die meesterlike leiding van 'n gesoute pottebakker.



## MAANDAG
5 Augustus

10:00-17:00 **(middagete 12:30-14:00, etes nie ingesluit by die prys nie)**

### Sosiale media vir kunstenaars met Yvette Beneke
**R800**
**Multipurpose Centre, Nuwe Hawe**

